



Ons bemagtig
generasies
om...

...finansieel
selfversekerd,
veilig en
welvarend te wees



Opgesomde resultate
2020

Versekering | Finansiële Beplanning | Aftrede | Beleggings | Welvaart

Inhoud

01

Oorsig

Inleiding	02
Hoof trekke	03
Uitvoerende oorsig	04
Kommentaar op die resultate	08

02

Opgesomde finansiële state

Finansiële inligting	32
Staat van finansiële posisie	34
Staat van omvattende inkomste	35
Staat van veranderinge in ekwiteit	36
Kontantvloeistaat	38
Aantekeninge tot die finansiële state	39

03

Administrasie

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering	68
Aandeelhouersdagboek	99
Administrasie	100

Verdiens

- Netto resultaat van finansiële dienste daal met 13% (17% hoër uitsluitend die impak van COVID-19)
- Netto bedryfsverdiens daal met 23%
- Wesensverdiens styg met 24%

Besigheidsvolumes

- Nuwe besigheidsvolumes oorskry vir die eerste keer R300 miljard en styg met 25% tot R311 miljard: lewensversekering +4%, algemene versekering +3% en beleggingsbesigheid +37%
- Netto fondsinvloei van R62 miljard, 8% hoër as die R57 miljard wat in 2019 aangeteken is
- Netto waarde van nuwe gedekte besigheid daal met 16% tot R1 921 miljoen (14% laer op 'n konstante ekonomiese grondslag)
- Netto marge van nuwe gedekte besigheid van 2,58% (2,98% in 2019)

Groepekwaiteitswaarde

- Groepekwaiteitswaarde per aandeel van R59,20 (2019: R64,36)
- Opbrengs op Groepekwaiteitswaarde per aandeel van (2,8%) (2019: 6,4%)
- Aangepaste Opbrengs op Groepekwaiteitswaarde per aandeel van 2,6% (2019: 11,9%)

Kapitaalbestuur

- Diskresionêre kapitaal van R636 miljoen op 31 Desember 2020 (uitsluitend verwagte verkoop van Sanlam VK se belang in Nucleus Financial Group PLC) (2019: R220 miljoen)
- Sanlam Groep SAM-dekkingsverhouding van 191% (2019: 215%)

Dividend

- Dividend van 300 sent per aandeel (2019: 334 sent)

Inleiding

Geagte aandeelhouer

Ek is dankbaar vir die geleentheid om voorsitter te wees van die Direksie van Sanlam, 'n sistemies belangrike maatskappy in Suid-Afrika en Afrika se grootste versekeraar. 'n Spesiale woord van dank aan my mede-direksielede vir hul waardevolle ondersteuning en leiding om te help om Sanlam in 'n toenemend moeilike en ingewikkelde bedryfsomgewing tot voordeel van alle belanghebbendes te bestuur.

Die wêreld het in 2020 dramaties verander en COVID-19 het ons lewens op 'n ongekende wyse oorgeneem. Die pandemie het as 'n gesondheidskrisis begin en vinnig in 'n vernietigende wêreldwye menslike en ekonomiese krisis ontwikkel. Alhoewel dit onmoontlik is om nie bedroef te wees oor verwoesting wat COVID-19 veroorsaak het nie, bied die pandemie ook geleenthede vir ons om met lewenskragtigheid en deernis te reageer en dit uit te druk in ons verbondenheid tot ons werknemers, kliënte, tussengangers en gemeenskappe.

Ondanks ongekende sake-onderbreking het Sanlam goeie finansiële resultate behaal wat die diversiteit van ons besigheid en die onderliggende lewenskragtigheid van die Groep se besighede weerspieël.

Ek lê graag ons 2020-resultate deur hierdie opsomming van Sanlam se 2020 verslagdoening aan u voor. Bo en behalwe die hooftrekke van ons resultate sluit hierdie publikasie 'n uitvoerende oorsig in van ons prestasie in 2020 en ons kommentaar op hierdie resultate wat op 11 Maart 2021 op die Johannesburgse, Namibiese en A2X-aandelebeurse vrygestel is.

Dokumente wat die kennisgewing van Sanlam se algemene jaarvergadering vergesel, word afsonderlik as deel van hierdie opgesomde uitgawe van ons jaarlikse resultate ingesluit. U kan aanlyn in ons omvattende jaarlikse verslag en volhoubaarheidsportaal op ons webwerf www.sanlam.com toegang verkry tot die volledige besonderhede van ons 2020-prestasie.

Ek is seker u sal met my saamstem dat ons prestasie in 2020 bevestiging is van die Sanlam Groep se verbondenheid tot die groei van 'n volhoubare onderneming wat sy beloftes kan nakom. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Siyabonga.



Elias Masilela SOB
Voorsitter

Hoof trekke

R miljoen		2020	2019	△
SANLAM GROEP				
Verdienste				
Netto resultaat van finansiële dienste per aandeel	sent	376,4	438,0	(14%)
Netto bedryfsverdienste per aandeel	sent	374,9	488,9	(23%)
Verwaterde wesensverdienste per aandeel	sent	443,0	357,9	24%
Basiese wesensverdienste per aandeel	sent	448,5	361,8	24%
Basiese wins toeskryfbaar aan die aandeelhouersfonds per aandeel	sent	138,8	345,8	(60%)
Netto resultaat van finansiële dienste	R miljoen	8 382	9 674	(13%)
Netto bedryfsverdienste	R miljoen	8 349	10 798	(23%)
Wesensverdienste	R miljoen	9 249	7 481	24%
Dividend per aandeel	sent	300	334	(10%)
Besigheidsvolumes				
Nuwe besigheidsvolumes	R miljoen	310 875	249 323	25%
Netto fondsinvloei	R miljoen	61 563	56 766	8%
Netto nuwe gedekte besigheid				
Waarde van nuwe gedekte besigheid	R miljoen	1 921	2 280	(16%)
HWNBP van gedekte besigheid ⁽¹⁾	R miljoen	74 591	76 446	(2%)
Marge van nuwe gedekte besigheid ⁽²⁾	%	2,58	2,98	
Groep Ekwiteitswaarde				
Groep Ekwiteitswaarde	R miljoen	131 812	143 271	(8%)
Groep Ekwiteitswaarde per aandeel	sent	5 920	6 436	(8%)
Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel ⁽³⁾	%	(2,8)	6,4	
Aangepaste OoGEW per aandeel	%	2,6	11,9	
SOLVENSIE				
Sanlam Groep KTV dekkingsverhouding	%	191	211	
Sanlam Lewensdekking KTV dekkingsverhouding – gedekte besigheid ⁽⁴⁾	%	197	206	

⁽¹⁾ HWNBP = huidige waarde van nuwebesigheidspremies en is gelykstaande aan die huidige waarde van herhalende premies, teen die toepaslike risikoverdiskonteringskoers, plus enkelpremies.

⁽²⁾ Marge van nuwe gedekte besigheid = waarde van nuwe gedekte besigheid as 'n persentasie van HWNBP.

⁽³⁾ Groei in Groepekuiteitswaarde per aandeel (met dividende betaal, kapitaalbewegings en koste van verkreeë tesourie-aandele teruggeskryf) as 'n persentasie van Groepekuiteitswaarde per aandeel aan die begin van die jaar.

⁽⁴⁾ Sluit beleggings in filiale en geassosieerde maatskappye, diskresionêre kapitaal, opgelope kontant vir dividendbetalings en die netto batewaarde van nie-gedekte bedrywighede in.

Uitvoerende oorsig

Die Groep het die 2020 finansiële jaar op 'n sterk en gesonde voet begin om die uitdagings deur die jaar die hoof te bied. Die uitbreek van die COVID-19-pandemie, gevolg deur die verklaring van ramp- en noodtoestande in verskeie lande waarin ons sake doen, het die bedryfsomgewing eensklaps verander in een van die mees uitdagende tydperke waarmee die Groep en ons aandeelhouers sedert ons notering meer as 20 jaar gelede te make gekry het.

Ons het vinnig op hierdie veranderende en uitdagende omgewing gereageer deur oor te gaan tot alternatiewe werkwyses en terselfdertyd die gesondheid en veiligheid van ons werknemers te beskerm en besigheidstabiliteit en kontinuïteit te verseker. Die Groep kon toe ondersteuning aan ons gemeenskap van belanghebbendes bied deur middel van premieverligting vir kliënte, gesubsidieerde inkomste vir tussengangers en wyer inisiatiewe om poste te behou en te skep.

Ons besigheid was gedurende hierdie moeilike tydperk lewenskragtig. Die Groepsolvensieverhouding het deur die jaar heelwat hoër as die regulatiewe minimum en binne teikenbande gebly. Likiditeit is binne die Groep se gevestigde likiditeitsrikobestuurraamwerk bestuur. Die onderliggende Groepbesighede se generering van kontant was steeds sterk, veral in die lewensversekerings-besighede. Die diversiteit van ons besigheid wat betref produkte, segmente en geografieë, ondersteun deur strategiese vennootskappe, is steeds 'n kernkrag.

COVID-19, insluitende die ekonomiese impak van voorkomende maatreëls wat regerings wêreldwyd getref het, het in die volgende belangrike areas 'n impak op Sanlam se bedryfsresultate gehad:

- Meer sterfte-eise;
- Laer nuwebesigheidsvolumes in persoonlike distribusiekanale;
- Beduidende onbestendigheid in beleggings- en kredietmarkte;
- Eise vir sake-onderbreking (CBI); en
- Verhoogde voorsiening vir twyfelagtige skuld in die kredietbesighede.

Die impak van minder nuwebesigheid en wisselvalligheid in beleggings- en kredietmarkte was in die eerste helfte van die

jaar groter, terwyl die ander impakte in groter mate in die tweede helfte van die jaar ervaar is.

Standhoudendheid was deur die jaar in die geheel bestendig en het nie verswak soos wat verwag is nie. Na ons mening is dit egter in die toekoms in gevaar weens die toename in werkloosheid in baie van ons markte en die uitputting van baie mense se spaargeld.

Sterfte-eise het oor die jaar beduidend toegeneem, in ooreenstemming met die tendense gerapporteer deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad. Die Groep het geraamde ekstra eise van ongeveer R531 miljoen aangeteken, na inagneming van die kompenserende impak van annuïteitsmortaliteit en ongeskiktheidservaring. Die beduidende toename in ekstra eise in die tweede helfte van 2020 het daartoe gelei dat daar na die aanwending van die pandemieserwe gekyk is. 'n Bedrag van R492 miljoen (voor aftrekking van belasting) is vrygestel uit die pandemieserwe van R760 miljoen wat as deel van polishouerlaste gehou is. Dit het die impak van hierdie eise op bedryfsverdienste grotendeels verlig.

Onbestendigheid in beleggingsmarkte het in die tweede kwartaal van die jaar toegeneem en 'n beduidende negatiewe impak op ons tussentydse resultate gehad. Die onbestendigheid het egter oor die tweede helfte van die jaar bedaar en die aandele- én kredietmark het herstel. Suid-Afrikaanse aandelemarkte het 2020 op hoër vlakke as 2019 afgesluit, maar die gemiddelde markvlakke van 2020 was laer as dié van 2019.

Die herstel in kredietmarkte het tot gevolg gehad dat 'n groot deel van die kredietmargeverliese in die Sentrale Kredietbestuurder (SKB) by Sanlam Gespesialiseerde Finansies (SanFin) sedert 30 Junie 2020 omgeswaai het. Kredietmarges het egter nog nie gedaal tot die vlakke wat voor COVID-19 geheers het nie. Kleinhandelkredietvoorsienings was steeds hoog weens die skerp verswakking in ekonomiese groei oor die jaar.

Eise vir sake-onderbreking het 'n negatiewe impak op Santam gehad, maar die maatskappy het nogtans 'n positiewe onderskrywingswins vir die jaar aangeteken. Die verbeterde onderskrywingsprestasie van die motor-, ingenieurs- en

Uitvoerende oorsig, vervolg

oesboek het resultate ondersteun. Die maatskappy het bevredigende premiegroei aangeteken in 'n stram bedryfsomgewing ondanks die premieverligting wat aan kliënte gebied is.

Die netto resultaat van finansiële dienste het met 13% gedaal weens die impak van die bogenoemde faktore en die verligting wat aan ons kliënte en tussengangers gebied is. Die onderstaande tabel gee 'n opsomming van die verdienstebronne wat (regstreeks of onregstreeks) die ergste deur COVID-19 geraak is (soos hieronder verduidelik):

R miljoen (jaar tot op datum)	Desember 2020	Desember 2019
Sanlam Lewens en Spaar besigheid (SLS)	(388)	114
Oortollige morbiditeitseise	(383)	-
Pandemie reserwe vrylating	354	-
Kleinhandel krediet bepalings	(235)	(65)
Ondersteuning aan tussengangers	(185)	
Glacier deelnemende produkfooï inkomste	61	179
Sanlam Opkomende Markte (SOM)	(743)	19
Beleggingsopbrengs op Saham algemene versekeringsfondse	20	420
Shriram kleinhandel krediet voorsienings	(676)	(401)
Noord en Wes Afrika belegging variasies	(87)	-
Sanlam Beleggingsgroep (SBG)	(404)	53
Kredietverspreiding: Gelys en ongenoteerde effekte	(88)	-
Mark-tot-mark veranderinge: gelyste voorkeuraandele	(69)	39
Verandering in bepalings vir twyfelagtige skuld en kredietverstrekk	(247)	14
Santam	(547)	527
CBI eise voorsiening en verligting betalings	(1 318)	-
COVID-19 ondersteuning	(169)	-
Motorboek onderskrywing resultaat	940	527
COVID-19 verdienste impak	(2 082)	713

Uitgesonderd die impak van COVID-19 op verdienste het die netto resultaat van finansiële dienste met 17% gegroei. Die COVID-19-aanpassing is 'n aanduiding van die verdienste wanneer dit aangepas word vir alle items waarop COVID-19 in 2020 'n impak gehad het, en die ooreenstemmende bydrae in 2019.

R miljoen	2020	2019	△
Netto resultaat van finansiële dienste	8 382	9 674	(13%)
<i>COVID-19 aanpassings:</i>			
Sanlam Lewens en Spaar	388	(114)	
Sanlam Opkomende Markte	743	(19)	
Sanlam Beleggingsgroep	404	(53)	
Santam	547	(527)	
Netto resultaat van finansiële dienste uitsluitend COVID-19 impak	10 464	8 961	17%

Netto beleggingsoorskotte het verswak van 'n wins van R210 miljoen in 2019 tot 'n verlies van R810 miljoen in 2020. Die 2020-resultate sluit voorsiening in wat gemaak is vir 'n netto verwagte kredietverlies van R726 miljoen ten opsigte van blootstelling aan staatseffekte en banke op die Libanon-balansstaat. Hierdie voorsiening was nodig as gevolg van 'n voortgesette soewereine kredietrisiko in Libanon en verdere druk deur COVID-19. Die res van die onderprestasie in 2020 hou verband met die relatief swakker beleggingsmark-prestasie in vergelyking met 2019.

Nuwebesigheidsvolumes het met 'n bevredigende 25% gestyg, met beleggingsbesigheid wat sterk groei getoon het. Daar was 'n groot impak op veral lewensversekeringsvolumes in die tweede kwartaal van die jaar omdat die inperkings en aanklokkeëls wat deur regerings in die meeste van ons markte ingestel en geïmplementeer is, 'n groot negatiewe impak op persoonlike verkope gehad het. Dit het 'n ooreenstemmende impak gehad op die waarde van nuwe gedekte besigheid (WNB) wat geskryf is.

Volumes het vanaf Junie 2020 bestendig herstel en alle groeiperings het in die vierde kwartaal beter groei aangeteken in vergelyking met die eerste kwartaal asook die vierde kwartaal van 2019.

Kommentaar op die resultate

Inleiding

Die Sanlam Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 word aangebied op grond van en in nakoming van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Afgesien van die volgende stem die grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide vir die IFRS finansiële state en aandeelhoudersinligting in alle wesentliche opsigte ooreen met dié wat in die 2019 Geïntegreerde Verslag gebruik is:

- Ter ondersteuning van Sanlam se bygewerkte strategie is die voormalige groepering Sanlam Persoonlike Finansies (SPF) met ingang van 1 September 2020 in twee groeperings verdeel, naamlik SA Retail Mass en SA Retail Affluent. Saam met Sanlam Korporatief maak hierdie twee groeperings deel uit van 'n nuwe Sanlam Lewens en Spaar-groepering. Dit weerspieël die manier waarop bestuursinligting intern gerapporteer word. Alle vergelykende inligting wat deur hierdie herorganisasie geraak is, is aangepas om die nuwe struktuur in die inligting oor aandeelhouders te weerspieël.
- IAS 29 - Financial Reporting in Hyperinflationary Economies is vanaf 1 Januarie 2020 op Libanon toegepas. Die monetêre en nie-monetêre items vir 2020 op die balansstaat is aan die einde van die tydperk herindekseer om die impak van die hiperinflasie te erken. Dit sou tot gevolg gehad het dat verskeie lynitems op die inkomstestaat kunsmatig geïnfleer sou wees, maar is in fondsoordragte saamgevoeg. Vir die tweede ses maande het bestuur alle inkomste- en uitgawe-items vir LIA Insurance ingesluit by die waardedalingslyn omdat daar besluit is om die Netto Batewaarde (NBW) tot nul te verminder.

Alle verwysings na 2019 het betrekking op die 2019 finansiële jaar, tensy anders vermeld.

SLS se netto resultaat van finansiële dienste het met 5% verswak. Sterfte-eise ten opsigte waarvan COVID-19 as die oorsaak van dood aangegee is, het R399 miljoen (ná aftrekking van herversekering) vir die jaar beloop. Ingesluit COVID-19-eise het addisionele eise R531 miljoen (ná aftrekking van herversekering) beloop ná inagneming van die neutraliserende impak van lyfrenteniersterftes en verbeterde ongeskikheidservaring. Die impak van sterfte-eise is versag

deur die vrystelling van R492 miljoen (voor aftrekking van belasting) uit die pandemiereserwe. Uitgesonderd alle COVID-19-verwante items het die netto resultaat van finansiële dienste met 5% verbeter.

SLS netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
SA Retail Affluent	4 059	4 455	(9%)
Herhalende premie-subgroepering	2 376	2 501	(5%)
Glacier	1 561	1 566	0%
Sanlam Persoonlike Lenings en ander	122	388	(69%)
SA Retail Mass	1 050	1 348	(22%)
Sanlam Korporatief	836	826	1%
Pandemie reserwe vrylating	492	-	
Bruto resultaat van finansiële dienste	6 437	6 629	(3%)
Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste	(1 882)	(1 806)	4%
Nie-beherende belang	45	32	41%
Netto resultaat van finansiële dienste	4 600	4 855	(5%)

- SA Retail Mass se bruto resultaat van finansiële dienste het met 22% gedaal (17% hoër uitgesonderd addisionele eise en COVID-19-ondersteuning wat aan tussengangers gebied is). 'n Verhoogde eise-ervaring, negatiewe beleggingsafwykings en COVID-19-ondersteuning aan adviseurs het 'n impak op verdienste gehad. 'n Verhoogde eise-ervaring is veral by groepskemas (insluitende Safrican) gerapporteer. In die individuelelebens-besigheid het 'n hoër eise-ervaring en ondersteuning aan adviseurs 'n daling van 12% in verdienste veroorsaak. African Rainbow Life het 'n verlies van R92 miljoen bygedra in vergelyking met 'n verlies van R87 miljoen in 2019. Met adviseurs se groter fokus op retensie was standhoudendheid oor die jaar beter as wat verwag is. In hierdie segment word die oorsaak van dood nie benodig nie, wat moontlik die impak van COVID-19 onderbeklemtoon. Addisionele eise het R394 miljoen vir die jaar beloop, insluitende R46 miljoen waar COVID-19 as die oorsaak van dood aangegee is. Capitec het 'n bevredigende resultaat behaal aangesien die vankragboek oor die jaar gegroei het.

Kommentaar op die resultate, vervolg

- *SA Retail Affluent* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 9% verswak. 'n Goeie prestasie deur die individuelelebensrisiko- en -spaarbesighede is grotendeels geneutraliseer deur 'n voorsiening vir eenmalige uitgawes van R197 miljoen en 'n styging van R326 miljoen in voorsiening vir twyfelagtige skuld by Sanlam Persoonlike Lenings.

Verdienste uit die risikobesigheid het gestyg omdat goeie wins uit lyfrente- en ongesiktheidboeke vir die toename in COVID-19-verwante sterftes vergoed het. Die besigheid het ook voordeel getrek uit laer nuwebesigheidstremming (in ooreenstemming met die afname in nuwebesigheidsvolumes), bestendige standhoudendheid en 'n groter algehele boek. Sterfte-eise waar COVID-19 as die oorsaak van dood aangegee is, het vir die jaar R159 miljoen (ná aftrekking van herversekering) beloop. Verdienste uit die spaarbesigheid het met 9% gestyg en is ondersteun deur die herstel in markvlakke in die tweede helfte van die jaar, streng kostebeheer en positiewe basisveranderinge. Laer winste van die geslote boek het afbreuk aan resultate gedoen.

Glacier se verdienste was in ooreenstemming met 2019, met LISP-verdienste 9% laer en Lewensverdienste 4% hoër (danksy hoër lyfrentewins). Die Internasionale besigheid is bevoordeel deur sterk netto fondsinvloei en 'n swakker randwisselkoers. Swakker relatiewe aandelemarkte het 'n impak gehad op verdienste uit daardie produkte waar Glacier deel in die werklike beleggingsopbrengs wat op die onderliggende portefeuljes verdien word. Uitgesonderd die impak van COVID-19 soos hierbo bespreek, het algehele wins met 12% gestyg.

Strategiese besigheidsontwikkeling sluit SPL, Sanlam Trust, Multi-Data en Santam Reality in. Die bruto resultaat uit finansiële dienste het met 69% verswak, hoofsaaklik weens verhoogde voorsiening van R326 miljoen vir twyfelagtige skuld toeskryfbaar aan die impak van COVID-19. Groei in SPL se leningsboek was in 2020 swak en kan toegeskryf word aan verminderde vraag deur kliënte en bestuursaksies wat ingestel is om die gehalte van die boek in die huidige uitdagende toestande te bestuur.

- Sanlam Korporatief het sy bruto resultaat van finansiële dienste met 1% gegroei – 'n bevredigende prestasie in 'n moeilike bedryfsomgewing. Die besigheid het voordeel getrek uit beter as verwagte sterftewins uit die lyfrenteboek, laer nuwebesigheidstremming en laer administratiewe uitgawes. 'n Verbeterde groepongskiktheidseise-ervaring het gehelp om die verhoogde COVID-19-verwante sterfte-ervaring te neutraliseer. Addisionele eise het R95 miljoen (ná aftrekking van herversekering) vir die jaar beloop. (COVID-19-verwante eise was R194 miljoen ná aftrekking van herversekering.) Die gesondheidsbesigheid het 'n verbeterde prestasie behaal danksy goeie verkope by die farma-groepering en minder eise in die gapingsdekkingboek.

SOM se netto resultaat van finansiële dienste het met 10% verswak weens laer opbrengste op versekeringfondse in Noord- en Wes-Afrika, groter voorsiening vir twyfelagtige skuld in Indië en die swakker prestasie van ander kredietbesighede in Afrika in 'n COVID-19-omgewing, die impak van die ontploffing by die hawefasiliteit in Libanon op Saham Re, en die voortgaande waardevermindering van die Angolese kwanza. Hierdie negatiewe impakte is gedeeltelik geneutraliseer deur die styging in die bydrae van die Nigeriese lewensversekeringsverdienste weens die konsolidasie van die besigheid vanaf 1 Junie 2020. Uitgesonderd die impak van COVID-19 op kapitaalmarkte in Sanlam Pan-Afrika (SPA) en kredietvoorsienings in Indië was verdienste 19% hoër.

Kommentaar op die resultate, vervolg

SOM netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
Suider-Afrika	1 859	1 776	5%
Lewensversekering	807	815	(1%)
Algemene versekering	347	213	63%
Beleggingsbesigheid	121	97	25%
Krediet en strukturering	457	596	(23%)
Ander	127	55	>100%
Noord- en Wes-Afrika	1 102	1 515	(27%)
Lewensversekering	180	224	(20%)
Algemene versekering	1 102	1 436	(23%)
Ander	(180)	(145)	(24%)
Oos-Afrika	122	218	(44%)
Lewensversekering	101	138	(27%)
Algemene versekering	11	30	(63%)
Beleggingsbesigheid	39	27	44%
Ander	(29)	23	(>100%)
Ander internasionaal	1 965	2 223	(12%)
Lewensversekering	173	139	24%
Algemene versekering	776	989	(22%)
Krediet en strukturering	876	1 061	(17%)
Ander	140	34	(>100%)
Korporatiewe koste (insluitend Groeperings aanpassing)	(379)	(184)	(106%)
Bruto resultaat van finansiële dienste	4 669	5 548	(16%)
<i>Lewensversekering</i>	<i>1 261</i>	<i>1 316</i>	<i>(4%)</i>
<i>Algemene versekering</i>	<i>2 236</i>	<i>2 668</i>	<i>(16%)</i>
<i>Beleggingsbesigheid</i>	<i>159</i>	<i>123</i>	<i>29%</i>
<i>Krediet en strukturering</i>	<i>1 323</i>	<i>1 637</i>	<i>(19%)</i>
<i>Korporatiewe koste en ander</i>	<i>(310)</i>	<i>(196)</i>	<i>(58%)</i>
Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste	(1 254)	(1 788)	30%
Nie-beherende belang	(1 038)	(1 128)	8%
Netto resultaat van finansiële dienste	2 377	2 632	(10%)

- *Lewensversekering* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 4% verswak (7% hoër uitgesonderd die COVID-19-verwante bruto impak op beleggingsafwykings van R142 miljoen). Suider-Afrika-verdienste het met 1% gedaal, met bestendige prestasies deur Namibië en Botswana wat geneutraliseer is deur swakker prestasie in Zambië. Botswana het sy bydrae

marginaal verhoog weens 'n positiewe eise-ervaring ten opsigte van begrafnisbesigheid wat geneutraliseer is deur negatiewe veranderinge in aannames oor uitgawes. Namibië se verdienste het ook marginaal gestyg. Kostebesparing, die gepaardgaande verbetering in uitgawe-aannames en groter winsvrystellings uit gunstige produksamestellings is in 'n mate geneutraliseer deur sterker aannames oor standhoudendheid.

Verdienste uit Oos-Afrika het met 27% gedaal omdat 'n verbeterde prestasie in Kenia nie genoeg was om vir die verswakking in ander gebiede te vergoed nie. Kenia het voordeel getrek uit reserwevrystellings as gevolg van modelverbetering. COVID-19-verwante negatiewe beleggingsafwykings was die hoofrede vir die 20%-daling in verdienste uit Noord- en Wes-Afrika (44% hoër uitgesonderd die COVID-19-verwante impak op beleggingsafwykings). Marokko-verdienste het in die laaste kwartaal van 2020 herstel as gevolg van verbeterde aandelemprestasie en kostebesparings. Die Ivoorkus se bedryfswins is beïnvloed deur negatiewe opbrengste op aandeleportefeuljes en voorsienings vir eiendomsbelange. Nigerië het sterk groei getoon – die gesamentlike uitwerking van goeie groeiprisikowins en die konsolidasie van die besigheid vanaf 1 Junie 2020.

In Indië het Shriram Lewensversekering se verdienste afgeneem weens kleiner volumes as gevolg van laer besigheidsvlakke in die kredietmaatskappye en hoër verkrygingskoste. Maleisië se lewensversekerings-verdienste het voordeel getrek uit laer verkrygingskoste en positiewe basisveranderinge vir verwagte eise op groepbesigheid.

- *Algemene versekeringsverdienste* het met 16% gedaal maar met 28% gestyg uitgesonderd die COVID-19-verwante impak op beleggingsopbrengs uit aandele en eiendom wat op die algemene versekeringsfondse in Marokko en die Ivoorkus verdien is. Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse was 6,1% vir die jaar in vergelyking met 13,2% in 2019, met Marokko op 1,5% vergeleke met 16,6% in 2019. Marokko het 'n bevredigende onderskrywingswins van 7,9% behaal danksy laer eiseverhoudings op motor- en gesondheidsbesigheid. Angola se prestasie het oor die jaar verbeter as gevolg van groter volumes, 'n verbetering in die motorverliesverhouding en beter eisebestuur en

Kommentaar op die resultate, vervolg

tariefhersienings in die gesondheidsbesigheid. Saham Re, en in mindere mate Continental Re, se onderskrywingswinnings is onderdruk deur die ontploffing by die hawefasiliteit in Beiroet. Continental Re het ook in die laaste twee maande van die jaar 'n paar groot eise ervaar.

In Indië het Shriram General Insurance 'n daling in verdienste vanaf 'n hoë vergelykende basis gerapporteer, wat 'n reserwevystelling met betrekking tot motor-derdepartybesigheid ingesluit het. In Maleisië het algemene versekeringsverdiensle voordeel getrek uit 'n laer eiseverhouding.

Goeie vordering is gemaak met die verbetering van die onderskrywingsprestasiel van die Saham algemene versekeringsportefeulje.

Algemene versekering en herversekering vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	Bruto geskrewe premies		Onderskrywingswinnings	
	2020	2019	2020	2019
Suider-Afrika	3 485	3 499	13,2%	11,8%
Noord- en Wes-Afrika	14 953	12 914	6,0%	0,8%
Oos-Afrika	1 573	1 445	(5,4%)	(1,4%)
Ander internasionaal	3 181	3 424	7,4%	13,4%
Totaal	23 192	21 282	6,3%	4,0%
Saham	17 853	16 312	7,3%	2,0%
Ander	5 339	4 970	3,6%	11,7%
Totaal	23 192	21 282	6,3%	4,0%

R miljoen	Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse		Netto versekeringsresultaat	
	2020	2019	2020	2019
Suider-Afrika	3,6%	3,0%	16,8%	14,9%
Noord- en Wes-Afrika	2,7%	12,7%	8,7%	13,5%
Oos-Afrika	4,8%	5,3%	(0,6%)	3,9%
Ander internasionaal	21,7%	23,2%	29,1%	36,6%
Totaal	6,1%	13,2%	12,4%	17,2%
Saham	3,0%	11,9%	10,3%	13,9%
Ander	16,5%	17,7%	20,1%	29,4%
Totaal	6,1%	13,2%	12,4%	17,2%

- Die algehele onderskrywingswins van die algemene versekeringsportefeulje het verbeter van 4,0% in 2019 tot 6,3% in 2020. Die voormalige Saham-portefeulje het van 2,0% tot 7,3% verbeter.
- Die SPA algemene versekeringsportefeulje het 'n onderskrywingswins van 6,1% aangeteken (7,2% uitgesonderd die impak van die ontploffing by die hawefasiliteit in Beiroet), wat binne die teikenband van 5% tot 9% is.
- Die ander internasionale portefeulje het 'n onderskrywingswins van 7,4% aangeteken in vergelyking met 13,4% in 2019. Indië het 'n onderskrywingswins van 6,7% gerapporteer in vergelyking met 19,3% in 2019. Reserwevrystellings het 2019 bevoordeel.

Bestuur het die samestelling van die beleggingsportefeulje in Marokko hersien teen die agtergrond van welvaartskepping op lang termyn, plaaslike kapitaalbehoefte en hul risiko-aptuïteit. Die hersiene batetoewysingstrategie sal 'n opbrengs op kapitaal ondersteun wat hoër as die verwagte opbrengs teen 'n laer vlak van verwagte wisselvalligheid is, gegewe 'n beplande skuif na kleiner blootstelling aan aandele en eiendom. Gegewe die huidige markwaardes en ekonomiese klimaat sal die implementering van die strategie na verwagting oor tyd infaseer word namate geleentheid opduik.

Al die kredietbesighede is geraak deur 'n verswakkende posisie wat agterstallige gelde betref. Bruto verdienste uit hierdie soort besigheid het met 19% gedaal (in ooreenstemming met 2019 uitgesonderd veranderinge in voorsiening vir twyfelagtige skuld in Indië). In Indië is die kredietbesighede geraak deur laer netto rentemarges en groter voorsiening vir swak skuld weens die betalingsvakansie wat op 31 Augustus 2020 geëindig het. Uitkerings sowel as invorderings het egter in die laaste kwartaal van die jaar verbeter. Kredietverdiens in Suider-Afrika het met 23% gedaal weens laer rente-inkomste en hoër waardedalingskoste.

Libanon se netto batewaarde op 30 Junie 2020 is tot nul verswak. Vir verslagdoening vir die aandeelhouersfonds is winste wat in die tweede helfte van 2020 in Libanon genereer is (R57 miljoen), erken teen die waardedaling wat op 30 Junie 2020 erken is. Dit het die algehele waardedalingskoste vir die volle jaar verlaag.

Kommentaar op die resultate, vervolg

SBG se netto resultaat van finansiële dienste het met 25% gedaal (19% hoër uitgesonderd die COVID-19-verwante impak op krediet en voorkeuraandele) – 'n bevredigende prestasie onder moeilike toestande. Op 'n bruto grondslag het die netto resultaat van finansiële dienste met 20% verswak.

SBG netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
Sanlam Beleggings (derdepartybesigheid)	552	536	3%
Welvaartbestuur	214	186	15%
Internasionaal	282	355	(21%)
Korporatiewe dienste	(40)	(28)	43%
Beleggingsbestuur	1 008	1 049	(4%)
SanFin	241	510	(53%)
Sanlam Beleggingsbesigheid	188	214	(12%)
Sentrale Kredietbestuurder en ander	53	296	(82%)
Bruto resultaat van finansiële dienste	1 249	1 559	(20%)
Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste	(378)	(392)	(4%)
Nie-beherende belang	(66)	(97)	(32%)
Netto resultaat van finansiële dienste	805	1 070	(25%)

- Die Sanlam Beleggings derdeparty-batebestuurder se bruto resultaat van finansiële dienste het met 3% verbeter vanaf 'n hoër basis in 2019 wat eenmalige inkomste van nagenoeg R60 miljoen ingesluit het in die Alternatiewe-besigheid wat verband gehou het met die Climate Investor One Fund se bereiking van sy fondsinsamelingsteiken. Dit uitgesluit het die bruto resultaat van finansiële dienste met 16% verbeter ondanks laer gemiddelde beleggingsmarkte vir 2020 in vergelyking met 2019. Prestasiegelde, kostebeheer en sterk netto fondsinvloei by Sanlam Multibestuurder en Satrix het die prestasie ondersteun.
- Welvaartbestuur se bruto resultaat van finansiële dienste het met 15% verbeter. Makelaarsinkomste het voordeel

getrek uit verhoogde verhandelingsbedrywigheid deur kliënte, wat in 'n mate vergoed het vir die impak van laer gemiddelde aandelemarkte. Die gelde-inkomste en groei van die internasionale portefeulje in die Pan-Afrika-besigheid, aangevul deur streng kostebeheer, het ook groei ondersteun.

- Die swakker randwisselkoers kon nie ten volle vergoed vir laer gelde-inkomste by die Internasionale besighede nie en die bruto resultaat van finansiële dienste het met 21% verswak. Internasionale beleggingsmarkte was in 2020 ook laer as in 2019 en het bates onder bestuur en verwante fooi-inkomste onderdruk. Sanlam VK is tans besig met omvattende herstrukturering van hul platform en die verbetering van die bedryfstelsels van die onderliggende besighede. Dit sluit die implementering van nuwe bedryfstelsels en veranderinge in die personeelkorps in, wat verhoogde oortolligheid en kontrakteurskoste ten opsigte van die projekte tot gevolg gehad het.
- SanFin se resultate is nadelig beïnvloed deur 'n verhoging in voorsienings vir twyfelagtige skuld as gevolg van die impak van die COVID-19-pandemie op die bedryfsomgewing. Die bruto resultaat van finansiële dienste het in 2020 met 53% tot R241 miljoen gedaal vanaf R510 miljoen in 2019. Kredietverwante voorsiening en dalings in die waardes van genoteerde voorkeuraandele het 'n impak op die SKB gehad. Die gedeeltelike herstel van kredietmarkte het die prestasie in die tweede helfte van 2020 ondersteun en 'n verbetering in verdienste vir die halfjaar tot gevolg gehad. Laer gemiddelde bates onder bestuur as gevolg van markonbestendigheid het 'n impak op Sanlam Beleggingsbesigheid gehad.

Santam se netto resultaat van finansiële dienste het met 44% verswak, hoofsaaklik weens voorsienings wat vir CBI-eise gemaak is (verwys na bostaande kommentaar).

Die motor- en eiendomsboeke het voordeel getrek uit 'n laer eise-ervaring in Suid-Afrika. Dit is egter geneutraliseer deur CBI-eise en voorsienings van R3,0 miljard. Santam se Konvensionele Versekering-besigheid het 'n netto onderskrywingswins van 2,5% (2019: 7,7%) aangeteken, wat laer is as sy teikenband van 4% tot 8%.

Kommentaar op die resultate, vervolg

Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse het met 13% gedaal (vir die Konvensionele Versekering-besigheid), hoofsaaklik weens laer korttermynrentekoerse in 2020. Santam se aandeel van verdienste uit die SEM algemene versekeringsbesighede het met 23% gedaal en weerspieël die resultate van Shriram General Insurance en SPA.

Netto bedryfsverdiens van R8,3 miljard is 23% laer as in 2019 (14% hoër uitgesonderd die impak van COVID-19). Dit is die gesamentlike uitwerking van die 13%-verswakking in die netto resultaat van finansiële dienste en 'n daling in die netto beleggingsopbrengs verdien op die kapitaalportefeulje van R1 254 miljoen in 2019 tot R271 miljoen in 2020. Voorsiening vir verwagte kredietverliese in Libanon van R726 miljoen was die grootste bydraer tot die laer beleggingsopbrengs in 2020.

Genormaliseerde toeskryfbare verdienste sluit bo en behalwe netto bedryfsverdiens die volgende items in:

Inkomstestaat van die Aandeelhoudersfonds vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
Netto bedryfsverdiens	8 349	10 798	(23%)
Amortisasie van ontasbare bates	(699)	(766)	9%
Ekwiteitdelingskoste	(1)	(596)	
Wins/(verlies) met vervreemding van filiale en geassosieerdes	285	(6)	
Waardedalings	(8 638)	(339)	
Netto ekwiteit-erkende nie-wesens verdienste	10	19	(47%)
Genormaliseerde toeskryfbare verdienste	(694)	9 110	(108%)

Netto waardedalingskoste van R8,6 miljard is erken as gevolg van die laer waardasie van Groepbesighede, waarvan R5,8 miljoen (ná aanwending van verskansing van R855 miljoen) en R803 miljoen toeskryfbaar is aan onderskeidelik Saham en Shriram Capital. Positiewe valuta-omrekeningsverskille van R2,9 miljard is regstreeks erken in ekwiteit met betrekking tot die SEM-besighede onderhewig aan verswakking. Die netto uitwerking op die netto batewaarde

bedra dus 'n vermindering van R5,7 miljard. Die Sahamwaardedaling voor aftrekking van verskansing bestaan uit die volgende:

- Afskrywing van die premie wat by verkryging vir sinergieë betaal is (R2 712 miljoen)
- Verlaging van die waardasie van die Libanon-besighede tot nul (R2 048 miljoen)
- Verlaging van aannames oor toekomstige ekonomiese groei en beleggingsopbrengs (R1 928 miljoen).

Die waardasie van Shriram Capital is verlaag in die lig van die hoër vlakke van verwagte kredietverliese in die kredietbesighede, en die impak wat COVID-19 steeds op die ekonomiese groeikoersomgewing in Indië – en dus algehele groei in al die Shriram-besighede – het. Dit is ook weerspieël in die laer genoteerde aandelepryse van Shriram Transport Finance Company (STFC) en Shriram City Union Finance (SCUF) gedurende die jaar.

Ingesluit in die netto waardedalingskoste is 'n bedrag van R1,7 miljard met betrekking tot BBSEB SDM befondsing.

Ekwiteitdelingskoste het 'n eenmalige uitgawe van R594 miljoen in 2019 in verband met die 5% B-BBEE aandele versekering ingesluit. Die totale IFRS 2-uitgawe het R1 686 miljoen beloop. R594 miljoen is in genormaliseerde toeskryfbare verdienste erken en verteenwoordig die ekonomiese koste vir Sanlam-aandeehouers van die uitreiking van aandele teen 'n hoër as markverwante diskonto. Die res word in fondsoordragte erken.

Wesensverdienste het met 24% gestyg. Die verskil in groei tussen genormaliseerde toeskryfbare verdienste en wesensverdiens te hou hoofsaaklik verband met die uitsluiting van waardedalings en die insluiting van fondsoordragte van R3,6 miljard (2019: negatiewe R2,0 miljard) by wesensverdiens te. Fondsoordragte sluit in:

- Nie-ekonomiese wanpassingswinste- en -verliese erken ooreenkomstig IFRS deur die uitskakeling van Sanlam-aandele wat as tesourie-aandele in polishouerportefeuljes gehou word en die erkenning van uitgestelde belastingbates ten opsigte van belaste verliese in polishouerportefeuljes van +R710 miljoen (2019: -R240 miljoen).

Kommentaar op die resultate, vervolg

- In 2019, die verskil tussen die IFRS 2-uitgawe van R1,7 miljard erken ten opsigte van die BBSEB-aandele-uitgifte, en 'n markverwante diskonto van R594 miljoen (uitgawe van R1 092 miljoen).
- Konsolidasie van die BBSEB SDM, wat lei tot die erkenning van rente betaal op eksterne befondsing in die SDM, verandering in waardasie teenoor markprys op die verskansingsinstrumente in die struktuur- en administrasiekoste deur die SDM aangegaan in Sanlam se verdienste van -R19 miljoen (2019: -R601 miljoen).
- Netto monetêre wins van R1,2 miljard ten opsigte van hiperinflasie in Libanon.

Die aantal aandele wat gebruik is om wesensverdiens te per aandeel te bereken, is verminder met die 5% aandele wat deur die SPV gehou word, aangesien dit by konsolidasie as tesourie-aandele behandel word en tot nul verminder word teen reserwes in die IFRS-staat van finansiële posisie.

Besigheidsvolumes

Nuwebesigheidsvolumes het met 25% gestyg, met die SEM- en SBG-groeperings wat die sterkste groei aangeteken het. Lewensversekeringsvolumes het met 4% toegeneem in vergelyking met die 2019 finansiële jaar en algemene versekeringsvolumes het met 3% verbeter. Beleggingsbesigheid wat met 37% toegeneem het, was die hoofaandrywer van algehele volumegroei.

SLS se nuwebesigheidsverkope was 1% hoër as in 2019, wat toeskryfbaar is aan goeie prestasie deur Glacier, wat geneutraliseer is deur swakker groei in die Sanlam Korporatief- en SA Retail Mass-besighede. Lewensversekeringsvolumes het met 3% gestyg en beleggingsbesigheid het 'n afname van 1% getoon.

SLS nuwebesigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
SA Retail Mass	2 558	2 839	(10%)
SA Retail Affluent	65 441	58 974	11%
Herhalende premie- subgroepering en strategiese besigheidsontwikkeling	2 865	3 315	(14%)
Risiko	1 189	1 214	(2%)
Spaar	1 676	2 101	(20%)
Glacier	62 576	55 659	12%
Lewensbesigheid	31 681	27 472	15%
Beleggingsbesigheid	30 895	28 187	10%
Sanlam Korporatief	9 848	15 238	(35%)
Lewensbesigheid	6 500	8 790	(26%)
Beleggingsbesigheid	3 348	6 448	(48%)
Nuwe besigheidsvolumes	77 847	77 051	1%

Lewensversekeringsvolumes het in die tweede helfte van die jaar verbeter namate beperkings op persoonlike verkope verlig is. Die herstel was stadiger by SA Retail Mass en Sanlam Korporatief vergeleke met SA Retail Affluent. Nuwe besigheid in tradisionele kanale is deur versnelde digitale aanvaarding ondersteun. Ons digitale besigheid, Sanlam Indie, het oor die jaar besonder goed gepresteer.

- SA Retail Mass se nuwebesigheidsvolumes het met 10% verswak as gevolg van die beperkings weens COVID-19. Die individuele lewensbesigheid het 'n afname van 28% in nuwebesigheidsvolumes aangeteken. Distribusie in hierdie marksegment maak hoofsaaklik staat op persoonlike kontak, hetsy by die huis of by die werk. Dit was vir die grootste gedeelte van die tweede kwartaal van 2020 verbode. Verkope in die tweede helfte van die jaar het verbeter namate inperkingsregulasies verlig is, maar was steeds laer as in die ooreenstemmende tydperk in 2019. Die Capitec Bank-vennootskap was lewenskragtig en het groei van 4% in 2019

Kommentaar op die resultate, vervolg

behaal. African Rainbow Life het nuwebesigheidsverkope van R80 miljoen bygedra in vergelyking met R13 miljoen in 2019. Die Groep se nuwebesigheidsverkope (insluitend Safrican) was 4% laer as in 2019.

- *SA Retail Affluent* se nuwe besigheid het besonder bevredigende groei van 11% aangeteken. Sanlam Indie het sterk gegroei en is ondersteun deur MiWay Life en Brightrock. Dit het gedeeltelik vergoed vir laer verkope in die tradisionele intermediêre kanale. Die druk op besteebare inkomste in die middelinkomstemark is in die herhalendepremie-spaarbesigheidsgevoel, waar verkope met 20% afgeneem het. Glacier het besonder goed gevaar en lewens- en beleggingsbesigheid het met 15% en 10% onderskeidelik gestyg. Daar was goeie vraag na annuïteite, internasionale produkte en geldmark diskresionêre oplossings. Vanaf April tot Desember is premievakansies op 10 051 polisse by individuele lewens en 46 047 polisse by spaar goedgekeur. Die premievoortsettingskoers vir hierdie polisse is 88% vir individuele lewens en vir spaar.
- *Sanlam Korporatief* se besigheidsvolumes het met 35% gedaal – 'n kombinasie van 'n 26%-afname in lewensbesigheid en 'n daling van 48% in nuwe beleggingsbesigheid. Lae kwotasiebedrywigheid in 2020 en 'n hoë basis in die tweede helfte van 2019 het 'n impak op nuwe besigheid gehad.

SLS se netto fondsinvloei het met 25% gedaal van R15,2 miljard in 2019 tot R11,4 miljard in 2020. SA Retail Mass het met net 1% verswak ondanks swak nuwe besigheid, omdat standhoudendheid oor die jaar verbeter het. SA Retail Affluent het 'n styging van 28% getoon, ondersteun deur sterk Glacier-vloei. Sanlam Korporatief het met 94% verswak weens minder nuwe besigheid, 'n hoë basis in 2019 en die uitvloe van meer as R2 miljard wat verband gehou het met verliesgewende enkelbestuurderportefeuljes wat ekstern bestuur is.

SOM se nuwebesigheidsvolumes het met 35% gestyg, met alle gebiede wat tot die groei bygedra het. Die Suider- en Oos-Afrika-gebiede het besonder sterk groei in beleggingsbesigheid aangeteken.

SOM nuwebesigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
Suider-Afrika	20 840	15 695	33%
Noord- en Wes-Afrika	14 220	12 666	12%
Oos-Afrika	7 728	2 362	>100%
Ander Internasionaal	4 110	4 086	1%
Nuwe besigheidsvolumes	46 898	34 809	35%
Lewensversekering	9 241	8 343	11%
Algemene versekering	16 479	15 604	6%
Beleggingsbesigheid	21 178	10 862	95%

Die meeste van die markte waarin SOM sake doen, was onderhewig aan een of ander vorm van COVID-19-beperkings of -aanklokreëls, wat nuwebesigheidsverkope belemmer het, net soos wat die geval in Suid-Afrika was. Volumes van nuwe *lebensversekeringsbesigheid* het egter met 11% toegeneem en het voordeel getrek uit die verkryging van die oorblywende belang van 65% in die Nigeriese versekeringsbesighede in Junie 2020. Noord- en Wes-Afrika asook Oos-Afrika het albei sterk volumegroei oor die jaar gerapporteer. Dit het vergoed vir die ietwat swakker prestasie van Suider-Afrika. Ander Internasionale besigheidsvolumes het met 2% verbeter deur die jaar.

Nuwe *algemene versekeringsbesigheid* het met 6% toegeneem ondanks COVID-19-beperkings en die doelbewuste nïerhenuwing van verskeie verliesgewende skemas met die doel om die gehalte van die boek te verbeter. Noord- en Wes-Afrika het groei van 9% aangeteken, en Oos-Afrika groei van 6%. Dit het vergoed vir 'n daling van 10% in Suider-Afrika en gedempte groei in die Ander Internasionale besighede. Die voormalige Saham-besigheid het groei van 3% behaal.

Nuwe *beleggingsbesigheidsvolumes* het met 95% gestyg tot R21,2 miljard. Dit sluit 'n sterk verbetering in Oos-Afrika in, waar nuwe besigheid van R5,7 miljard behaal is vergeleke met R738 miljoen in 2019, en groot mandate van die aftreefondse vir staatsamptenare in Namibië en Botswana.

Netto fondsvloeië het met 89% toegeneem van R11,2 miljard in 2019 tot R21,2 miljard in 2020, met alle gebiede wat tot die groei bygedra het.

Kommentaar op die resultate, vervolg

SBG se nuwebesigheidsvolumes het met 43% gestyg, met Beleggingsbestuur SA wat nuwe besigheid met 35% gegroei het. Dit is gedryf deur groot institusionele mandate wat toegeken is vir indeksspoor- en geldmarkfondse, asook groter veranderinge as gewoonlik in korttermyn-batetoedeling by deur kleinhandelkliënte in die onseker omgewing. Welvaartbestuur het nuwebesigheidsvolumes met 51% gegroei en internasionale volumes het met 78% toegeneem. Hierdie besighede het 'n sterk verbetering in kliëntebedrywigheid in wisselvallige markte gerapporteer.

Netto fondsvloei van R21,1 miljard vir die groepering was oor die algemeen in ooreenstemming met 2019. Laer netto kleinhandelvloei het goeie groei in institusionele netto invloei oor die jaar geneutraliseer en bygedra tot 'n daling van 48% in algehele netto fondsinvloei uit die Beleggingsbestuur SA-besigheid. Welvaartbestuur het verbeterde netto invloei van R2,8 miljard gerapporteer in vergelyking met ongeveer R560 miljoen in 2019. Die internasionale besigheid het netto invloei van R8 miljard gerapporteer vergeleke met R579 miljoen in 2019. Dit weerspieël grootliks sy nuwebesigheidsprestasie, met geen groot onttrekkings in 2020 nie.

Bruto geskrewe premies by **Santam** het met 7% gestyg – die totaal van 5%-groei in konvensionele versekeringsbesigheid en groei van 17% in alternatiewe risiko-oordragbesigheid. Dit is 'n bevredigende prestasie teen die agtergrond van resessionêre ekonomiese toestande. Motorversekering, wat 43% van die totale bruto geskrewe premies bydra tot die konvensionele besigheid, was 1% hoër as in 2019 as gevolg van die premieverligting wat aan kliënte gebied is. Uitgesonderd hierdie verligtingsmaatreëls het bruto geskrewe motorpremies met 3% gegroei. Die eiendomsbesigheid het met 8% gegroei danksy sterk groei in die gespesialiseerde eiendomsbesigheid buite Suid-Afrika. Bruto geskrewe premies uit ander konvensionele besigheid was in die geheel 8% hoër as in 2019, hoofsaaklik weens goeie groei in die oesboek. Netto verdiende premies het met 3% toegeneem in die konvensionele versekeringsbesigheid, met die laer groei in vergelyking met bruto geskrewe premies grootliks toeskryfbaar aan hoër premiegroei van die gespesialiseerde besigheid en Santam Re, waar Santam minder premies vir sy eie rekening hou.

Algehele Groep netto fondsinvloei van R62 miljard (+8%) in 2020 is 'n besonder bevredigende prestasie in die lig van die uitdagende marktoestande.

Besigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	Nuwe besigheid		
	2020	2019	△
Sanlam Lewens en Spaar	77 847	77 051	1%
Sanlam Opkomende Markte	46 898	34 809	35%
Sanlam Beleggingsgroep	161 470	113 236	43%
Santam	24 660	24 227	2%
Totaal	310 875	249 323	25%
Lewensversekering	56 111	53 927	4%
Beleggingsbesigheid	213 625	155 565	37%
Algemene versekering	41 139	39 831	3%
Totaal	310 875	249 323	25%

R miljoen	Netto invloei		
	2020	2019	△
Sanlam Lewens en Spaar	11 351	15 160	(25%)
Sanlam Opkomende Markte	21 192	11 239	89%
Sanlam Beleggingsgroep	21 130	21 221	0%
Santam	7 890	9 146	(14%)
Totaal	61 563	56 766	8%
Lewensversekering	14 613	15 989	(9%)
Beleggingsbesigheid	32 485	25 596	27%
Algemene versekering	14 465	15 181	(5%)
Totaal	61 563	56 766	8%

Kommentaar op die resultate, vervolg

Waarde van nuwe gedekte besigheid

Netto WNB het teen werklike rentekoerse met 16% tot R1 921 miljoen gedaal en met 14% op konstante ekonomiese aannames. Beide SLS en SOM het in 2020 laer WNB ervaar as in 2019, in ooreenstemming met laer nuwebesigheidsverkope in die meeste van die meer winsgewende lewensversekeringsprodukte. Verhoogde vervallingsaannames en hoër verkrygings- en instandhoudingseenheidskoste het ook 'n impak of WNB gehad.

Veranderinge in die ekonomiese grondslag het 'n netto marginale impak op die WNB van die Groep gehad omdat daar neutraliserende impakte tussen die verskillende gebiede was, spesifiek tussen SA Retail Mass en die Nigeriese lewensversekeringsbesigheid. Die Groep se nuwebesigheidswins het van 2,98% in 2019 tot 2,58% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van swakker volume groei in die hoërmargeprodukte in vergelyking met die grootliks vastekoste-grondslag.

SLS se WNB het met 15% tot R1 638 miljoen verswak (21% laer op 'n vergelykbare ekonomiese grondslag), met SA Retail Mass 32% laer op R512 miljoen en SA Retail Affluent 3% hoër as in 2019 op R1 032 miljoen. Glacier se WNB het met 38% gestyg en voordeel getrek uit 'n kombinasie van besigheid wat hoërmarge-lewensversekeringsprodukte bevorder. Sanlam Korporatief se WNB het met 46% tot R94 miljoen gedaal weens kleiner volumes, en marges het van 1,29% in 2019 tot 1,04% gedaal. SLS se marge van nuwe besigheid het van 3,08% in 2019 tot 2,73% gedaal – 'n bevredigende prestasie in 'n stram bedryfsomgewing.

SOM se WNB het teen werklike rentekoerse met 17% tot R283 miljoen gedaal vanaf R343 miljoen in 2019, maar op 'n vergelykbare ekonomiese grondslag met 20% gestyg. Goeie groei in Namibië, Maleisië en Tanzanië is geneutraliseer deur dalings in Indië (laer volumes en hoër kosteverhouding) en Nigerië. Nigerië se WNB is negatief beïnvloed met meer as R90 miljoen weens die verandering in die opbrengskromme.

Waarde van nuwe lewensbesigheid vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019	△
Netto waarde van nuwe gedekte besigheid	1 921	2 280	(16%)
Sanlam Lewens en Spaar	1 638	1 937	(15%)
Sanlam Opkomende Markte	283	343	(17%)
Voor aftrekking van nie-beherende belang	2 202	2 545	(13%)
Netto huidige waarde van nuwe besigheidspremies	74 591	76 446	(2%)
Sanlam Lewens en Spaar	59 947	62 794	(5%)
Sanlam Opkomende Markte	11 176	10 242	9%
Sanlam Beleggingsgroep	3 468	3 410	2%
Voor aftrekking van nie-beherende belang	80 239	81 540	(2%)
Netto marge van nuwe gedekte besigheid	2,58%	2,98%	
Sanlam Lewens en Spaar	2,73%	3,08%	
Sanlam Opkomende Markte	2,53%	3,35%	
Voor aftrekking van nie-beherende belang	2,74%	3,12%	

Kapitaalbestuur

Die Groep het die jaar met diskresionêre kapitaal van R220 miljoen begin. Die volgende belangrike transaksies is in 2020 aangegaan:

- Die verkryging van die oorblywende belang van 65% in die Nigeriese versekeringsbesigheid van FirstBank of Nigeria (FBN). SOM het sy opsie uitgeoefen om die belang te verkry ná 'n besluit deur FBN om die meerderheidsbelang ooreenkomstig sy strategiese herposisionering te verkoop ten einde op kernbankbedrywighede te fokus. Die doel is steeds om 'n nuwe vennoot in die besigheid in te bring ooreenkomstig SOM se vennootskapsbenadering. Die verkrygingsprys was R1,2 miljard en is ten volle deur skuld befonds, met geen netto aanwending van diskresionêre kapitaal nie. Skuld is gebruik om die beleggingsopbrengs te verbeter en die inbring van 'n nuwe vennoot te fasiliteer.

Kommentaar op die resultate, vervolg

- Die verkoop van 25% van Sanlam se derdeparty-batebestuurbesigheid aan African Rainbow Capital for netto opbrengs van R817 miljoen ten einde die mededingendheid en bemagtiging van die besigheid te verbeter deur 'n toonaangewende Suid-Afrikaanse batebestuurmaatskappy in swart besit tot stand te bring.
- Ongeveer R370 miljoen is in die Sanlam VK-besighede belê.

Daar was geen ander groot transaksies gedurende die jaar nie, en op 31 Desember 2020 was die diskresionêre kapitaalsaldo R636 miljoen.

In Desember 2020 het Sanlam aangekondig dat hy 'n belang van 25% in 'n nuwe filiaal van ARC Financial Services gaan verkry, onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes. Die filiaal sal bates van ARC Financial Services, uitgesonderd bankverwante beleggings, hou. Die beoogde transaksie sal befonds word uit Sanlam Lewens se bestaande kontantbronne wat in die diskresionêre winsportefeulje van die nuwindsdelende besigheid gehou word.

Die aandeelhouers goedgekeurde ARC fasiliteit van R2 miljard het verval in Desember 2020. Die totale onttrekking van R1,95 miljard was gedurende die twee-jaar periode ten opsigte van die volgende beleggings gemaak:

- Alexander Forbes belegging van R1,1 miljard
- SBG derdeparty-batebestuurder van R653 miljoen
- African Rainbow Life van R65 miljoen
- ARC Beleggings regte-uitgif van R126 miljoen

Op 9 Februarie 2021 is aangekondig dat Nucleus Financial Group plc 'n ooreenkoms bereik het oor die bepaling van 'n aanbevole kontantaanbod deur James Hay Holdings Limited (James Hay), ingevolge waarvan James Hay die volle uitgereikte en die te uitgereikte aandeelkapitaal van Nucleus (die verkryging) sal verkry. Sanlam VK Beperk het op 8 Februarie 2021 52,19% van Nucleus se uitgereik aandeelkapitaal besit en onherroeplik onderneem het om ten gunste van die verkryging te stem. Sanlam VK Beperk sal ongeveer £75 miljoen in kontant ontvang. Die verkryging is onderhewig aan Nucleus-aandeelhouers se goedkeuring sowel as regulatiewe goedkeuring, en ander opskortende voorwaardes. Behoudens voldoening aan hierdie voorwaardes sal die verkryging na verwagting in die tweede kwartaal van 2021 afgehandel word.

Solvensie

Al die belangrikste lewensversekeringsbesighede binne die Groep was op 31 Desember 2020 voldoende gekapitaliseer. Die dekkingsverhouding van die Sanlam Groep se Solvensie kapitaalbehoefte (KTB) was steeds op 'n gesonde vlak van 191%. Die KTB-dekking van 197% vir Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens) se gedekte besigheid op 31 Desember 2020 was na aan die boonste grens van die teikenband van tussen 170% en 210%.

Die KTB-dekkingsverhouding van 257% vir die Sanlam Lewens-entiteit in die geheel het op 31 Desember 2020 die gedektebesigheidsverhouding oorskry weens die insluiting van diskresionêre en ander kapitaal wat op die Sanlam Lewens-balansstaat gehou word, asook beleggings in Santam en ander Groepbesighede wat nie aan Sanlam Lewens se gedekte besigheidsbedrywighede toegedeel word nie.

Dividend

As deel van ons besigheidsoorsigte, besigheidsbeplanning en begrotingsprosesse pas ons 'n spanningsdruktoets en skokke veroorsaak deur ongunstige gebeure op die besigheid toe om die stabiliteit van Sanlam se finansiële gesondheid en algehele kapitaalposisie te monitor en te beveilig. Ooreenkomstig hierdie spanningsdruktoets is ons steeds binne die vereiste kapitaalvlakke. Die Groep kon ook binne sy normale dividendbeleidband 'n dividend verklaar sonder 'n beduidende impak op die Groep se vermoë om verdere finansiële druk te kan hanteer.

Sanlam se dividendbeleid is gegrond op kontantbedryfsverdienste, wat gelykstaande is aan daardie deel van die besigheidsgroepeerings se verklaarde bedryfsverdienste wat as kontantdividende aan die Groep uitgekeer word. Die vlak van kontantverdienste wat vir uitkering aan die Groep beskikbaar is, word deur verskeie faktore bepaal, insluitende bedryfskapitaalbehoefte, asook die solvensieposisie van die verskillende entiteite in 'n groepering. Die hoofbeginsel is dat die entiteite binne 'n groepering ná 'n dividenduitkering voldoende gekapitaliseer moet wees om aan interne risiko-aptite en plaaslike regulatiewe solvensievereistes te voldoen, in ag genome planne vir toekomstige groei. Dieselfde oorwegings is van

Kommentaar op die resultate, vervolg

toepassing by die bepaling van die Sanlam-dividend, ná behoorlike oorweging van die Groep se solvensieposisie ingevolge Suid-Afrikaanse regulasies. Hierdie dividendbeleid is in ooreenstemming met die riglyne wat in 2020 deur die Prudential Authority uitgereik is toe die pandemie op sy ergste was.

Op 'n sekondêre vlak is die Groep se doelwit om in enige jaar kontantbedryfsverdienste-dekking van 1.0x – 1.2x keer te handhaaf om 'n gelykmatige dividendprofiel te bestuur. Die toepassing van hierdie beleid het tot gevolg gehad dat Sanlam 'n buffer uit vorige dividend-onderverklarings kon opbou om voorsiening te maak vir die gladstryking van dividende in 'n jaar soos 2020 (dividend betaalbaar in 2021).

Die Groep het 'n dividend van 300 sent per aandeel verklaar, ondanks die nadelige impak van die COVID-19-bedryfsomgewing op ons belangrikste prestasiesyfers. Dit weerspieël Sanlam se lewenskragtigheid en die Direksie se vertroue in die onderliggende sterkte van die besigheid. Die teiken is om oor 'n aaneenlopende tydperk van drie jaar die Sanlam-dividend per aandeel in reële terme met tussen 2% en 4% per jaar te groei, maar onderhewig aan minstens reële groei in 'n bepaalde jaar. 'n Verklaring van 300 sent per gewone aandele beteken negatiewe reële groei van 2,7% oor 'n aaneenlopende tydperk van drie jaar. Gegewe die onsekerheid veroorsaak deur die moontlike CBI-koste by Santam en die impak van verdere vlae van COVID-19 op alle vlakke van sterfte-eise in 2021, is die Direksie gemaklik dat hierdie negatiewe groei 'n weerspieëling is van die huidige sake-omgewing en omsigtig is. Die toepassing van die beleid het tot gevolg gehad dat Sanlam se dividend met 10% gedaal het, terwyl kontantbedryfsverdienste met 17% gedaal het. Op 31 Desember 2020 was die solvensieposisie van die Sanlam Groep steeds gesond op 191%.

Aandeelhouers moet asseblief kennis neem dat die finale bruto kontantdividend van 300 sent vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 op Maandag 12 April 2021 by wyse van elektroniese bankoordragte betaalbaar is aan gewone aandeelhouers wat teen kantoorsluiting op Vrydag 9 April 2021 in Sanlam se register aangeteken is. Die laaste verhandelingsdatum om vir hierdie dividend in aanmerking te kom, is Dinsdag 6 April 2021, en Sanlam-aandele sal vanaf Woensdag 7 April 2021 sonder dividend verhandel. Aandeesertifikate mag nie tussen Woensdag 7 April en Vrydag 9 April 2021, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Die Suid-Afrikaanse stelsel van terughoubelasting op dividende is op hierdie dividend van toepassing. Die volle dividend is onderhewig aan die 20%-terughoubelasting, waar van toepassing. Dit het 'n netto finale dividend van 240 sent per aandeel tot gevolg vir daardie aandeelhouers wat nie vrygestel is van dividendbelasting nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele in die Maatskappy se aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 2 061 645 628 uitgesonderd 165 328 780 tesourie-aandele op 31 Desember 2020. Die Maatskappy se belastingverwysingsnommer is 9536/346/84/5.

Finansiële inligting

Aanbiedingsgrondslag

Die gekonsolideerde finansiële state word opgestel op die grondslag van historiese koste, tensy anders aangedui, ooreenkomstig IFRS, SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, Finansiële Verklarings soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet in Suid-Afrika. Die finansiële state word aangebied in Suid-Afrikaanse rand afgerond tot die naaste miljoen, tensy anders vermeld.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het op 1 Januarie 2020 in werking getree en is dus toegepas:

- *The Conceptual Framework for Financial Reporting*
- *Definition of a Business (Wysigings van IFRS 3)*
- *Definition of Material (Wysigings van IAS 1 en IAS 8)*
- *Interest rate benchmark reform – Phase 1 (Wysigings van IFRS 7, IFRS 9 en IAS 39)*

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het op 1 Junie 2020 in werking getree en is dus toegepas:

- *COVID-19-Related Rent Concessions (Wysiging van IFRS 16)*

Hierdie wysigings het nie 'n beduidende impak gehad op die bedrae wat in vorige of huidige tydperke erken is nie en sal na verwagting nie die huidige of toekomstige tydperke wesentlik beïnvloed nie. Geen verdere openbaarmakings is gevolglik gedoen nie.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het effektiewe datums van toepassing op toekomstige finansiële jare en is nie voortydig aanvaar nie:

- Effektief 1 Januarie 2021:
 - *Interest rate benchmark reform – Phase 2 (Wysigings van IFRS 4, IFRS 7, IFRS 9, IFRS 16 en IAS 39)*
- Effektief 1 Januarie 2022:
 - *Onerous Contracts – Cost of Fulfilling a Contract (Wysiging van IAS 37)*
 - *Property, Plant and Equipment: Proceeds before Intended Use (Wysigings van IAS 16)*
 - *Reference to the Conceptual Framework (Wysigings van IFRS 3)*

- *Jaarlikse Verbeteringe van IFRS-standaarde 2018-2020, wat op IFRS 1, IFRS 9, IFRS 16 en IAS 41 betrekking het*
- Effektief 1 Januarie 2023:
 - *IFRS 17 - Insurance Contracts*
 - *Classification of liabilities as current or non-current (Wysigings van IAS 1)*

IFRS 17 - Insurance Contracts bepaal die beginsels vir die erkenning, meting, aanbieding en openbaarmaking van versekeringskontrakte binne die bestek van die standaard. Die vlak van modellering en rekeningkunde wat nodig is om aan die vereistes van IFRS 17 te voldoen, sal 'n beduidende impak op die onderliggende waardasiemodelle, stelsels en prosesse hê. Die Groep se beoordeling van die vereistes van die standaard teenoor bestaande data, prosesse en waardasiemodelle, asook die algehele ontwerp van die toekomstige aktuariële en finansiële verslagdoeningsprosesse en -argitektuur is grotendeels afgehandel. Aktiwiteite om oplossings te bou is in ooreenstemming met die program vir die Groep in die geheel.

Die Groep verwag nie dat die ander wysigings van standarde wat deur die IASB uitgereik is maar nog nie van krag is nie, 'n wesenlike impak op die Groep sal hê nie.

Eksterne audit

Hierdie opgesomde verslag is 'n uittreksel uit geouditeerde inligting, maar is nie nagesien nie. Die Finansiële Jaarstate is geoudit deur Ernst & Young Geïnkorporeer, wat hul ongekwalifiseerde mening daarvoor uitgespreek het. Die geouditeerde Finansiële Jaarstate en die ouditeur se verslag daarvoor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Die Aandeelhoudersinligting is geoudit deur Ernst & Young Geïnkorporeer, wat hul ongekwalifiseerde mening daarvoor uitgespreek het. Die geouditeerde Aandeelhoudersinligting en die ouditeur se verslag daarvoor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Die direkteure aanvaar volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van die opgesomde verslag en dat die finansiële inligting 'n akkurate uittreksel is uit die onderliggende Finansiële Jaarstate en Aandeelhoudersinligting.

Groep Staat van Finansiële Posisie

op 31 Desember

R miljoen	2020	2019
BATES		
Toerusting	1 652	1 655
Reg van gebruiksbate	1 614	1 912
Eienaar-geokkupeerde eiendomme	2 692	1 794
Klandisiewaarde	16 703	18 974
Waarde van verkreë besigheid	6 129	8 768
Ander ontasbare bates	788	926
Uitgestelde verkrygingskoste	3 374	3 505
Langtermyn-herversekeringsbates	2 258	2 042
Beleggings	814 074	770 995
Eiendomme	20 302	21 565
Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	18 773	18 682
Aandele en soortgelyke sekuriteite	186 990	201 501
Rentedraende beleggings	261 434	234 509
Gestruktureerde transaksies	29 566	23 090
Beleggingsfondse	252 026	222 141
Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite	44 983	49 507
Uitgestelde belasting	2 843	1 872
Bates van vervreemdingsgroepe geklassifiseer as gehou vir verkoop	2 218	159
Tegniese algemeneversekeringsbates	13 847	10 166
Bedryfskapitaalbates	75 604	77 461
Handels- en ander debiteure	44 568	46 180
Belasting	942	912
Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite	30 094	30 369
Totale bates	943 796	900 229
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes		
Aandelekapitaal en premie	12 784	13 452
Tesourie-aandele	(1 633)	(4 127)
Ander reserwes	2 238	(1 859)
Behoue verdienste	51 323	59 851
Aandeelhoudersfonds	64 712	67 317
Nie-beherende belang	12 512	12 043
Totale ekwiteit	77 224	79 360
Langtermyn-polisverpligtinge	625 527	591 168
Termynfinansiering	13 837	11 187
Margebesigheid	5 330	3 614
Ander rentedraende laste	8 507	7 573
Huurverpligtinge	1 878	2 110
Gestruktureerde transaksie-verpligtinge	22 970	19 272
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	83 714	85 187
Belang van sel-eienaars	4 226	3 935
Uitgestelde belasting	5 810	5 766
Laste van vervreemdingsgroepe geklassifiseer as gehou vir verkoop	454	-
Tegniese algemeneversekeringsvoorsiening	49 752	41 332
Bedryfskapitaallaste	58 404	60 912
Handels- en ander krediteure	55 356	58 062
Voorsienings	506	523
Belasting	2 542	2 327
Totale ekwiteit en laste	943 796	900 229

Groep Staat van Omvattende Inkomste

vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	2019
Netto Inkomste	132 866	147 796
Inkomste van finansiële dienste	104 701	95 520
Herversekeringspremies betaal	(18 794)	(15 893)
Herversekeringskommissie ontvang	2 929	2 676
Beleggingsinkomste	31 879	33 003
Beleggingsurplusse	11 001	43 064
Finansieringskoste - margebesigheid	(216)	(242)
Veranderinge in billike waarde van eksterne beleggersverpligtinge	1 366	(10 332)
Netto versekerings- en beleggingskontrakvoordele en -eise	(75 896)	(91 526)
Langtermyn-versekeringskontrakvoordele	(25 596)	(30 802)
Langtermyn-beleggingskontrakvoordele	(26 646)	(39 506)
Algemene versekeringseise	(37 593)	(29 646)
Herversekeringsseise ontvang	13 939	8 428
Uitgawes	(42 201)	(41 051)
Verkoopsvergoeding	(14 319)	(13 246)
Administrasiekoste	(27 882)	(27 805)
Waardedalings	(9 275)	(742)
Netto waardedalingsverliese op finansiële bates	(1 903)	(338)
Ander waardedalings	(7 372)	(404)
Amortisasie van ontasbare bates	(1 323)	(1 405)
Netto bedryfsresultaat	4 171	13 072
Ekwiteitsverantwoorde verdienste	2 568	2 989
Finansieringskoste - ander	(835)	(1 500)
Netto monetêre wins (Libanon-hiperinflasie)	1 535	-
Wins voor belasting	7 439	14 561
Belasting	(3 805)	(5 756)
Aandeelhoudersfonds	(2 154)	(4 017)
Polishoudersfonds	(1 651)	(1 739)
Wins vir die jaar	3 634	8 805
Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word		
Bewegings in valuta-omsettingsreserwe	3 143	(4 707)
Ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste	-	(335)
Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal nie in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word nie		
Werknemervoordele-hermetingsverlies	-	25
Omvattende inkomste vir die jaar	6 777	3 788
Toedeling van omvattende inkomste		
Wins vir die jaar	3 634	8 805
Aandeelhoudersfonds	2 863	7 150
Nie-beherende belang	771	1 655
Omvattende inkomste vir die jaar	6 777	3 788
Aandeelhoudersfonds	5 676	2 951
Nie-beherende belang	1 101	837
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders van die Maatskappy (sent)		
Wins vir die jaar:		
Basiese verdienste per aandeel	138,8	345,8
Verwaterde verdienste per aandeel	137,1	342,1

Groep Staat van Ekwiteitsveranderinge

vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Tesourie-aandele	Nie-uitkeerbare reserwe
Saldo op 1 Januarie 2019	22	5 635	(3 934)	10 154
Omvattende inkomste	-	-	-	-
Wins vir die jaar	-	-	-	-
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-
Aandele uitgereik	1	7 794	-	-
Netto (verkryging)/verkoop van tesourie-aandele ⁽¹⁾	-	-	(193)	-
Aandelegebaseerde betalings	-	-	-	-
B-BBEE IFRS 2-koste ⁽²⁾	-	-	-	-
Oordrag na nie-uitkeerbare reserwe	-	-	-	(173)
Oordrag na/(van) konsolidasiereserwe	-	-	-	-
Dividende betaal ⁽³⁾	-	-	-	-
Verkrygings, vervreemdings en ander bewegings in belange	-	-	-	(2)
Saldo op 31 Desember 2019	23	13 429	(4 127)	9 979
Hiperinflasie	-	-	-	-
Omvattende inkomste	-	-	-	-
Wins vir die jaar	-	-	-	-
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-
Aandele gekanselleer	(1)	(667)	2 744	-
Netto (verkryging)/verkoop van tesourie-aandele ⁽¹⁾	-	-	(250)	-
Aandelegebaseerde betalings	-	-	-	-
Oordrag van nie-uitkeerbare reserwe	-	-	-	81
Oordrag (van)/na konsolidasiereserwe	-	-	-	-
Dividende betaal ⁽³⁾	-	-	-	-
Verkrygings, vervreemdings en ander bewegings in belange	-	-	-	(15)
Saldo op 31 Desember 2020	22	12 762	(1 633)	10 045

⁽¹⁾ Bestaan uit verandering in koste van aandele deur filiale gehou, die aandeelaansparingstrust, ander gekonsolideerde fondse en die spesiale voertuig vir breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB SV).

⁽²⁾ 'n Eenmalige uitgawe van R1 686 miljoen is in 2019 erken ingevolge Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) 2 Aandelegebaseerde Betaling ten opsigte van die breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) aandele-uitgifte aan die nuwe BBSEB SV. Verwys na nota 29.1 vir meer inligting in die aanlyn Jaarlikse Finansiële State.

Valuta- omset- tings- reserwe	Behoue verdien- ste	Subto- taal: ekwiteit	Konso- lidasi- e-reserwe	Aandeel- houers- fonds	Nie- beher- ende belang	Totale ekwiteit
1 210 (3 888)	57 288 6 839	70 375 2 951	(869) -	69 506 2 951	12 111 837	81 617 3 788
- (3 888)	7 150 (311)	7 150 (4 199)	- -	7 150 (4 199)	1 655 (818)	8 805 (5 017)
-	-	7 795	-	7 795	-	7 795
-	(338)	(531)	(7 871)	(8 402)	1	(8 401)
-	391	391	-	391	33	424
-	1 686	1 686	-	1 686	-	1 686
-	173	-	-	-	-	-
-	456	456	(456)	-	-	-
-	(6 500)	(6 500)	-	(6 500)	(1 095)	(7 595)
36	(144)	(110)	-	(110)	156	46
(2 642)	59 851	76 513	(9 196)	67 317	12 043	79 360
(1 234)	-	(1 234)	-	(1 234)	-	(1 234)
2 813	2 863	5 676	-	5 676	1 101	6 777
-	2 863	2 863	-	2 863	771	3 634
2 813	-	2 813	-	2 813	330	3 143
-	(2 076)	-	-	-	-	-
-	(577)	(827)	(351)	(1 178)	(60)	(1 238)
-	474	474	-	474	32	506
-	(81)	-	-	-	-	-
-	(2 791)	(2 791)	2 791	-	-	-
-	(6 938)	(6 938)	-	(6 938)	(816)	(7 754)
12	598	595	-	595	212	807
(1 051)	51 323	71 468	(6 756)	64 712	12 512	77 224

⁽³⁾ 'n Dividend van 300 sent per aandeel (2019: 334 sent per aandeel) is in 2021 ten opsigte van die 2020-verdienste verklaar. Gegronde op die aantal uitgereikte aandele op die verklaringsdatum sal die totale dividend na verwagting R6,2 miljard beloop (ná voorsiening vir tesourie-aandele), maar dit kan verskil afhangende van die aantal uitgereikte aandele op die laaste verhandelingsdag. Dividende wat ná die datum van die Staat van Finansiële Posisie voorgestel of verklaar word, word nie op die datum van die Staat van Finansiële Posisie erken nie.

⁽⁴⁾ Die aanvanklike toepassing van IAS 29 het gelei tot 'n openings balans aanpassing van (R1 234) miljoen, vir die aandeelhouer. Dit bestaan uit die herbaseer van Desember 2019 se ekwiteit R 1 388 miljoen en 'n vermindering van die geïndekseerde nie-monetêre items tot 'n verhaalbare bedrag van (R2 622) miljoen, wat beide klandisiewaarde en waarde van verskreeë besigheid insluit.

Groep Kontantvloeistaat

vir die jaar geëindig 31 Desember

R miljoen	2020	Herstateer 2019
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite⁽¹⁾	(6 082)	7 320
Kontant aangewend in bedrywighede ⁽¹⁾	(22 868)	(9 235)
Rente en voorkeuraandeeldividende ontvang	18 542	17 541
Rente betaal	(1 004)	(1 094)
Dividende ontvang	12 358	13 198
Dividende betaal	(8 454)	(7 433)
Belasting betaal	(4 656)	(5 657)
Kontantvloei uit beleggingsbedrywighede	(1 733)	(509)
Verkryging van filiale en geassosieerde maatskappye	(1 144)	(685)
Vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye	51	176
Betalings gemaak vir die aankoop van toerusting	(737)	-
Opbrengs in verband met die verkoop van toerusting	61	-
Betalings gemaak vir die aankoop van eienaar-geokkupeerde eiendom	(405)	-
Opbrengs in verband met die verkoop van eienaar-geokkupeerde eiendom	441	-
Kontantvloei uit finansieringsbedrywighede	1 792	2 503
Aandele uitgereik	-	7 795
Beweging in tesourie-aandele	(1 241)	(8 401)
Vervreemding van nie-beherende belang	818	-
Termynfinansiering verkry	3 530	3 998
Termynfinansiering terugbetaal	(664)	(299)
Huurverpligtinge terugbetaal	(651)	(590)
Netto toename in kontant en kontant-ekwivalente	(6 023)	9 314
Uitwerking van wisselkoersbewegings op kontantsaldo's	1 695	(325)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	52 738	43 749
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	48 410	52 738

⁽¹⁾ Die bedrae in die vorige jaar is herstateer om kontant en kontantekwivalente uit te sluit wat nie aan die definisie van kontant in IAS 7 voldoen nie. Dit het geen impak op die Staat van Finansiële Posisie, Staat van Omvattende Inkomste of Staat van Ekwiteitsveranderinge gehad nie.

Aantekeninge by die Groep Finansiële State

vir die jaar geëindig 31 Desember

1. Verdienste per aandeel

Vir **basiese verdienste per aandeel** word die geweege gemiddelde aantal gewone aandele aangepas vir die tesourie-aandele wat deur filiale, gekonsolideerde beleggingsfondse en polishouers gehou word. Basiese verdienste per aandeel word bereken deur verdienste te verdeel deur die aangepaste geweege gemiddelde aantal uitgereikte aandele.

Vir **verwaterde verdienste per aandeel** word die geweege gemiddelde aantal gewone aandele aangepas vir die aandele wat nog nie onder die Sanlam Aandelaansporingskema uitgereik is nie en tesourie-aandele wat deur filiale, gekonsolideerde beleggingvoertuie (insluitende die BBSEB SV) en polishouers gehou word. Die aandele wat deur die BBSEB SV gehou word, word vir die doeleindes van verwaterde verdienste per aandeel geag 'n opsie te wees wat 'n impak op die verwatering sal hê namate die Sanlam-aandeleprys styg. Verwaterde verdienste per aandeel word bereken deur verdienste te verdeel deur die aangepaste verwaterde geweege gemiddelde aantal uitgereikte aandele.

Sent	2020	2019
Basiese verdienste per aandeel:		
Wesensverdienste	448,5	361,8
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders-fonds	138,8	345,8
Verwaterde verdienste per aandeel:		
Wesensverdienste	443,0	357,9
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders-fonds	137,1	342,1

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

1. Verdienste per aandeel, (vervolg)

R miljoen	2020	2019
Ontleding van verdienste:		
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds	2 863	7 150
<i>Minus: Netto wins op vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye</i>	(26)	6
Wins op vervreemding van filiale	(27)	9
Nie-beherende belang	1	(3)
<i>Minus: Netto wins op vervreemding van geassosieerde maatskappye</i>	(259)	-
Wins op vervreemding van geassosieerde maatskappye	(258)	-
Nie-beherende belang	(1)	-
<i>Minus: Ekwiteitsverantwoorde nie-wesensverdienste</i>	4	-
<i>Plus: Waardedalings</i>	6 667	325
Bruto waardedalings	7 300	395
Belasting op waardedalings	(318)	-
Nie-beherende belang	(315)	(70)
Wesensverdienste	9 249	7 481

Miljoen	2020	2019
Aantal aandele:		
Geweegde aantal uitgereikte gewone aandele	2 265,7	2 324,8
<i>Minus: Geweegde Sanlam-aandele gehou deur filiale en gekonsolideerde voertuie (insluitend polishouers en BBSEB SV)</i>	(203,7)	(256,9)
Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir basiese verdienste per aandeel	2 062,0	2 067,9
<i>Plus: Totale aantal aandele ten opsigte van Sanlam Beperk langtermyn-aansporingskemas</i>	25,8	22,1
Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir verwaterde verdienste per aandeel	2 087,8	2 090,0

⁽¹⁾ Vir meer inligting oor die aandelekanselliasies, verwys na nota 4.

2. Segmentele inligting

R miljoen	2020	Herstaa- teer ⁽¹⁾ 2019
Segment IFRS 15-inkomste uit kontrakte met kliënte		
Sanlam Lewens en Spaar	8 358	8 460
Sanlam Korporatief	1 761	1 565
SA Retail Mass	17	9
SA Retail Affluent	6 580	6 886
Sanlam Opkomende Markte	986	821
Sanlam Beleggingsgroep	6 572	5 856
Santam	347	270
Totale IFRS 15-inkomste	16 263	15 407

⁽¹⁾ Segmentele openbaarmakings is in ooreenstemming gebring met die segmentele verslagdoening vir die huidige jaar en het geen impak gehad op die Staat van Finansiële Posisie, Staat van Omvattende Inkomste, Kontantvloei staat of Staat van Ekwiteitsveranderinge vir die huidige of vorige jaar nie.

Opsomming van inkomste

Volgens primêre geografie

R miljoen	Suid-Afrika	Res van Afrika	Ander Internasionale	Totaal
31 Desember 2020				
IFRS 15-inkomste	11 622	1 016	3 625	16 263
Administrasiefooie	8 131	569	532	9 232
Batebestuur- en prestasiefooie	2 276	361	2 355	4 992
Kommissies	472	86	716	1 274
Konsultasiefooie	308	-	20	328
Aktuariële en risiko-bestuurfooie	222	-	-	222
Trust- en boedelfooie	136	-	-	136
Ander	77	-	2	79
Inkomste nie binne bestek van IFRS 15	51 348	31 216	5 874	88 438
Inkomste van finansiële dienste	62 970	32 232	9 499	104 701
31 Desember 2019 – (Herstateer)				
IFRS 15-inkomste	11 576	851	2 980	15 407
Administrasiefooie	8 091	557	479	9 127
Batebestuur- en prestasiefooie	2 300	206	1 965	4 471
Kommissies	487	78	507	1 072
Konsultasiefooie	212	10	22	244
Aktuariële en risiko-bestuurfooie	204	-	-	204
Trust- en boedelfooie	166	-	-	166
Ander	116	-	7	123
Inkomste nie binne bestek van IFRS 15 ⁽¹⁾	51 458	25 722	2 933	80 113
Inkomste van finansiële dienste	63 034	26 573	5 913	95 520

⁽¹⁾ Santam was in lyn gebring met die Groep se geografiese verdeling in die huidige jaar dus is R2 018 miljoen en R1 667 miljoen vanaf die Suid-Afrikaanse geografiese mark na onderskeidelik Res van Afrika en Ander Internasionale herallokeer. Dit het nie 'n impak op die Staat van Finansiële Posisie, Staat van Omvattende Inkomste, Staat van Ekwiteitsveranderinge of die Kontantvloeietaat gehad nie.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

2. Segmentele inligting, (vervolg)

Volgens tydberekening van inkomste-erkenning

R miljoen	Op 'n bepaalde tydstip	Oor tyd	Nie binne bestek van IFRS 15	Totaal
31 Desember 2020				
IFRS 15-inkomste	1 470	14 793	-	16 263
Administrasiefooie	316	8 916	-	9 232
Batebestuur- en prestasiefooie	5	4 987	-	4 992
Kommissies	1 049	225	-	1 274
Konsultasiefooie	23	305	-	328
Aktuariële en risiko-bestuurfooie	-	222	-	222
Trust- en boedelfooie	74	62	-	136
Ander	3	76	-	79
Inkomste nie binne bestek van IFRS 15	-	-	88 438	88 438
Inkomste van finansiële dienste	1 470	14 793	88 438	104 701
31 Desember 2020				
IFRS 15-inkomste	972	14 435	-	15 407
Administrasiefooie	5	9 122	-	9 127
Batebestuur- en prestasiefooie	1	4 470	-	4 471
Kommissies	780	292	-	1 072
Konsultasiefooie	19	225	-	244
Aktuariële en risiko-bestuurfooie	-	204	-	204
Trust- en boedelfooie	99	67	-	166
Ander	68	55	-	123
Inkomste nie binne bestek van IFRS 15	-	-	80 113	80 113
Inkomste van finansiële dienste	972	14 435	80 113	95 520

3. Aantekeninge by Kontantvloeiastaat

3.1 Kontant aangewend in besighede

R miljoen	2020	2019
Wins voor belasting volgens Staat van Omvattende Inkomste	7 439	14 561
Netto beweging in polisverpligtinge	24 446	48 780
Nie-kontantvloei-items	(2 690)	(40 459)
Waardevermindering	1 139	1 024
Slegte skuld afgeskryf	171	313
Aandelegebaseerde betalings (Wins)/verlies op vervreemding van filiale en geassosieerdes	(285)	8
Billike waarde aanpassings	(10 716)	(43 072)
Netto monetêre wins (hiperinflasie)	(1 535)	-
Waardedaling in beleggings en klandisiewaarde	9 275	742
Amortisasie van ontasbare bates	1 323	1 405
IFRS 2 BBSEB-koste	-	1 686
Ekwiteitsverantwoorde verdienste	(2 568)	(2 989)
Items uitgesluit uit kontant aangewend in besighede	(29 633)	(30 151)
Rente en voorkeuraandeledividende ontvang	(18 326)	(18 695)
Rente betaal	1 051	1 742
Dividende ontvang	(12 358)	(13 198)
Netto verkryging van beleggings ⁽¹⁾	(22 977)	(18 140)
Toename in netto bedryfskapitaalbates en -laste	547	16 174
Kontant aangewend in besighede	(22 868)	(9 235)

⁽¹⁾ Die negatiewe bedrag in die vorige jaar was verminder met R675 miljoen. Verwys na nota 10 vir meer inligting.

R miljoen	2020	Hersta- teer 2019
3.2 Kontant en kontantekwivalente		
Bedryfskapitaal: Kontant en kontant-ekwivalente	30 094	30 369
Beleggingskontant	19 164	24 400
Oortrokke bankrekeninge	(848)	(2 031)
Totale kontant en kontantekwivalente	48 410	52 738

Beperkte kontantsaldo's van R3 435 miljoen (2019: R1 740 miljoen) wat hoofsaaklik verband hou met Krediet-ondersteuningsooreenkomste met afgeleide teenpartye asook aanvangsmarges by die JSE ten opsigte van beursverhandelde afgeleide instrumente, is by kontant en kontantekwivalente ingesluit.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

4. Aandele teruggekoop en gekanselleer

Sanlam-aandelehouers het by die algemene jaarvergaderings in 2020 en 2019 algemene magtiging aan die Groep verleen om Sanlam-aandele in die mark terug te koop.

In 2020 het Sanlam Beperk 116,363,639 gewone aandele van 1 sent elk wat as onuitgereikte aandele deur sy volfiliaal Sanlam Lewensversekering Beperk gehou is, teruggekoop teen 'n terugkoopprys van R56,29 per aandeel (altesaam R6,550,109,239).

Die terugkoop maak 'n oordrag en daaropvolgende kansellasië uit van die tesourie-aandele wat voorheen deur Sanlam Lewens verkry is kragtens die Algemene Magtiging, en is kontantneutraal vir die Sanlam Groep.

Onmiddellik voor die kansellasië daarvan het die tesourie-aandele 4,97% van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal verteenwoordig. Ná die kansellasië bestaan die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal tans uit 2,226,974,408 gewone aandele van 1 sent elk.

5. Voorwaardelike aanspreeklikhede

Aandelehouers word verwys na die openbaarmakings oor voorwaardelike aanspreeklikhede in die 2020 jaarlikse finansiële state. Die omstandighede rondom die voorwaardelike aanspreeklikhede is wesenlik onveranderd.

6. Daaropvolgende gebeure

Geen ander belangrike feite of omstandighede wat 'n wesenlike impak het op die finansiële posisie van die Sanlam Beperk Groep op 31 Desember 2020 soos in hierdie finansiële state weerspieël, het tussen die datum van 31 Desember 2020 en hierdie verslag ontstaan nie.

7. Besigheidsamevoegings

Wesenlike verkrygings van die Groep wat in die 2020 finansiële jaar gekonsolideer is

Sanlam het met ingang van 1 Junie 2020 die oorblywende belang in die Nigeriese versekerings-besigheid FBN Insurance van sy vennoot FBN Holdings Plc (FBNH) verkry. Dit gee die Groep 100%-eienaarskap van FBN Insurance Limited (FBNI) en sy filiaal FBN General Insurance Limited.

Die klandisiewaarde voortvloeiend uit die verkryging is toeskryfbaar aan sinergieë. Die verkrygingsrekeningkunde van bogenoemde verkryging is gegrond op voorlopige ramings, wat gedurende die volgende 12 maande aanpassings van klandisiewaarde, waarde van verkreë besigheid, ander ontasbare bates en uitgestelde belasting tot gevolg kan hê.

Verwys na nota 31 in die aanlyn Jaarlikse Finansiële State vir meer inligting.

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde Finansiële instrumente

Finansiële instrumente wat op die Staat van Finansiële Posisie verskyn, sluit beleggings (uitgesluit beleggingseiendomme, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), debiteure, kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite, beleggingsbeleidskontrakte, termynfinansieringslaste, verpligtinge ten opsigte van eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse, en krediteure in.

Erkenning en onderkenning

Finansiële instrumente word erken wanneer die Groep 'n party word tot 'n kontraktuele ooreenkoms wat 'n finansiële bate of finansiële las vir die Groep uitmaak wat nie aan opskortende voorwaardes onderhewig is nie. Gewone beleggingstransaksies word erken deur rekeningkunde met betrekking tot die datum waarop die ooreenkoms aangegaan is, te gebruik.

Finansiële bates word onderken wanneer die kontraktuele regte om die kontantvloeie te ontvang, verstryk of wanneer die bate oorgedra word. By onderkenning van 'n finansiële bate word die verskil tussen die drabedrag op die onderkenningsdatum en die koopsom wat ontvang is, in wins of verlies erken.

Finansiële laste word onderken wanneer die verpligting om kontant of ander middele ooreenkomstig die kontrak te lewer, vervul of gekanselleer is of verstryk het. By onderkenning van 'n finansiële las word die verskil tussen die drabedrag wat uitgewis is en die koopsom wat betaal is, in wins of verlies erken.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg) Erkenning en ontferkenning, (vervolg)

Sydellingse sekuriteit wat by teenparty geplaas word as deel van die Groep se kapitaalmarkt-bedrywighede word nie ontferken nie. Geen oordrag van eienaarskap vind plaas ten opsigte van ander sydelingse sekuriteit behalwe kontant nie en enige sodanige sydelingse sekuriteit wat deur teenparty aanvaar word, mag nie vir enige ander doel gebruik word as om as sekuriteit gehou te word vir die transaksies waarmee sodanige sekuriteit verband hou nie. Wat kontantsekuriteit betref, word eienaarskap regtens oorgedra. Die teenparty het egter ook 'n verpligting om dieselfde bedrag kontant, tesame met rente, terug te betaal indien daar geen wanbetaling was met betrekking tot die transaksies waarmee sodanige kontantsekuriteit verband hou nie. Kontantsekuriteit word gevolglik ook nie ontferken nie.

Klassifikasie

Finansiële bates

By aanvanklike erkenning word 'n finansiële bate erken as gemeet teen:

- Geamortiseerde koste,
- Billike waarde deur wins of verlies (hetsy verpligtend of aangewys), of
- Billike waarde deur ander omvattende inkomste.

'n Finansiële bate word teen geamortiseerde koste gemeet indien dit aan die volgende voorwaardes voldoen en nie as teen billike waarde deur wins of verlies aangewys word nie

- Dit word gehou binne 'n sakemodel waarvan die doel is om bates te hou om kontraktuele kontantvloei in te vorder; en
- die kontraktuele voorwaardes gee op spesifieke datums aanleiding tot kontantvloei wat uitsluitlik die betaling van die hoofsom en rente op die uitstaande hoofbedrag is.

'n Skuldinstrument word slegs teen billike waarde deur ander omvattende inkomste gemeet indien dit aan albei die volgende voorwaardes voldoen:

- die bate word gehou binne 'n sakemodel waarvan die doelwit bereik word deur beide die invordering van kontraktuele kontantvloei en die verkoop van finansiële bates; en
- die kontraktuele voorwaardes gee op spesifieke datums aanleiding tot kontantvloei wat uitsluitlik die betaling van die hoofsom en rente op die uitstaande hoofbedrag is.

Alle finansiële bates wat nie geklassifiseer word as synde gemeet teen geamortiseerde koste of billike waarde deur ander omvattende inkomste soos hierbo beskryf nie, word verpligtend gemeet teen billike waarde deur wins of verlies. Die Groep verklaar ook sekere finansiële bates wat andersins sou voldoen aan die vereistes om deur ander omvattende inkomste teen geamortiseerde koste of teen billike waarde deur wins of verlies gemeet te word indien 'n rekeningkundige wanverhouding wat andersins sou ontstaan het, hierdeur uitgeskakel of beduidend verminder word.

Finansiële laste

By aanvanklike erkenning klassifiseer die Groep sy finansiële laste in een van die volgende kategorieë:

- Geamortiseerde koste, of
- Billike waarde deur wins of verlies (hetsy verpligtend of aangewys).

Die klassifikasie van finansiële instrumente word by aanvanklike erkenning bepaal op grond van die doel waarvoor die finansiële bates verkry of laste aanvaar word. Finansiële laste wat deur wins of verlies as teen billike waarde geklassifiseer word, bestaan uit laste wat vir verkoop gehou word, insluitende afgeleide instrumente (verpligte billike waarde deur wins of verlies) en finansiële laste wat as teen billike waarde deur wins of verlies aangewys word.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg) Klassifikasie, (vervolg)

Finansiële laste, (vervolg)

By aanvanklike erkenning verklaar die Groep 'n finansiële las as teen billike waarde deur wins of verlies wanneer dit meer relevante inligting tot gevolg het omdat:

- dit 'n metings- of erkenningsteenstrydigheid uitskakel of beduidend verminder wat andersins sou ontstaan het uit die meting van bates of laste of die erkenning van die wins en verliese daarop op verskillende grondslae; of
- 'n groep finansiële laste, of 'n groep finansiële bates en laste bestuur word en die prestasie daarvan op die grondslag van billike waarde geëvalueer word ooreenkomstig 'n gedokumenteerde risikobestuur- of beleggingstrategie en inligting oor die Groep intern op daardie grondslag aan die entiteit se hoofbestuur verskaf word.

Die Groep verklaar finansiële instrumente as teen billike waarde deur wins of verlies ooreenkomstig sy risikobestuurbeleide en -prosedures wat gegrond is op die bestuur van die Groep se kapitaal en bedrywighede op die grondslag van billike waarde. Die grondslag vir die Groep se interne bestuursverslagdoening is in ooreenstemming met die klassifikasie van sy finansiële instrumente.

Aanvanklike meting

'n Finansiële bate of finansiële las word aanvanklik gemeet teen billike waarde, plus vir 'n finansiële bate of finansiële las wat nie teen billike waarde deur wins of verlies gemeet word nie, transaksiekoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkry of uitreiking daarvan.

Koste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging van finansiële bates wat as teen billike waarde deur wins of verlies geklassifiseer word, word in die Staat van Omvattende Inkomste as deel van beleggingsoorskotte erken.

Daaropvolgende meting

Finansiële instrumente wat as teen billike waarde deur wins of verlies geklassifiseer word, word ná aanvanklike erkenning teen billike waarde gemeet. Netto winste en verliese (op die verkoop van beleggings en billikewaarde-winste of -verliese), rente- of dividendinkomste en valutawinste of -verliese word in wins of verlies erken. Veranderinge in billike waarde word in die Staat van Omvattende Inkomste as beleggingsurplusse erken. Die bepaalde waardasiemetodes wat toegepas is, word geopenbaar in die individuele beleidstate vir elke item.

Finansiële instrumente wat as teen geamortiseerde koste geklassifiseer word, word met behulp van die effektiewe rentemete teen geamortiseerde koste gemeet. Rente-inkomste, rente-uitgawes, valutawisselkoerswinste en -verliese en waardedaling word in wins of verlies erken. Enige wins of verlies of ont erkenning word ook in wins en verlies gemeet.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg) Waardedaling

Die Groep erken voorsiening vir verwagte kredietverliese op:

- Finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word (insluitend kontrakbates/kontrakdebiteure); en
- Finansiële waarborgkontrakte.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsienings gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan verwagte lewenslange kredietverliese indien die kredietrisiko op die finansiële instrument sedert aanvanklike erkenning beduidend verhoog het.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsiening gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan die verwagte kredietverliese oor 'n tydperk van 12 maande indien:

- Die kredietrisiko op 'n finansiële instrument nie sedert die aanvanklike erkenning beduidend verhoog het nie; of
- Bepaal word dat finansiële instrumente op die verslagdatum 'n lae kredietrisiko het.

Die Groep bepaal of die kredietrisiko op 'n finansiële instrument beduidend verhoog het deur die risiko van wanbetaling op die finansiële instrument op die verslagdatum te vergelyk met die risiko van wanbetaling op die finansiële instrument op die datum van aanvanklike erkenning, tesame met redelike en stawende inligting wat op beduidende verhogings van die kredietrisiko sedert aanvanklike erkenning dui. Kredietverstrek is die onvermoë of onwilligheid van 'n teenparty tot 'n finansiële instrument om sy kontraktuele verpligtinge na te kom.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsienings gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan die verwagte kredietverliese oor 'n tydperk van 12 maande indien die kredietrisiko op 'n finansiële instrument nie sedert aanvanklike erkenning beduidend verhoog het nie. Daar word aangeneem dat finansiële instrumente wat geag word op die verslagdatum 'n lae kredietrisiko te hê, geen beduidende verhoging in kredietrisiko het nie.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsienings gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan verwagte lewenslange kredietverliese indien die kredietverlies op die finansiële instrument sedert aanvanklike erkenning beduidend verhoog het.

Verwagte kredietverliese oor 'n tydperk van 12 maande is die deel van verwagte kredietverliese wat voortspruit uit wanbetalings wat moontlik is binne die 12 maande ná die verslagdatum. Verwagte lewenslange kredietverliese is die verwagte kredietverliese voortspruitend uit alle wanbetalings oor die verwagte lewensduur van 'n finansiële instrument.

'n Waardedalingswins of -verlies word in wins of verlies erken vir die bedrag van verwagte kredietverliese (of omkerings) wat nodig is om die verliesvoorsiening op die verslagdatum aan te pas.

Meting van verwagte kredietverliese

Verwagte kredietverliese is 'n waarskynlikheids-geweegde raming van kredietverliese, gemeet as die huidige waarde van alle kontanttekorte (die verskil tussen die kontantvloei verskuldig aan die Groep ingevolge die kontrak, en die kontantvloei wat die Groep verwag om te ontvang).

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg)

Aanbieding van verliesvoorsienings in die Staat van Finansiële Posisie

Verliesvoorsienings vir verwagte kredietverliese word aangebied as 'n aftrekking van die bruto drabedrae van die finansiële bates.

Afskrywings

Die bruto drabedrag van 'n finansiële bate word afgeskryf en verminder wanneer daar geen redelike verwagting is van die algehele of gedeeltelike verhaling van 'n finansiële bate nie.

Verrekening

Finansiële bates en laste word verreken en die netto bedrag word aangedui in die Staat van Finansiële Posisie wanneer daar tans 'n wettig afdwingbare reg is om die erkende bedrae te verreken en daar 'n voorneme is om op 'n netto grondslag te betaal, of om die bates te gelde te maak en tegelykertyd die laste te betaal.

Ander finansiële laste

Ander finansiële laste sluit in:

- Termynfinansieringslaste aangegaan as deel van rentemargebesigheid, met ooreenstemmende finansiële bates gemeet teen geamortiseerde koste;
- Ander termynfinansieringslaste gemeet teen aandelebeurspryse of geamortiseerde koste soos toepaslik;
- Beleggingskontrakverpligtinge gemeet teen billike waarde, bepaal op die grondslae geopenbaar in polisverpligtinge en winsonderneming; en
- Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse gemeet teen die toeskryfbare netto batewaarde van die onderskeie fondse.

Bepaling van billike waarde en billikewaardehiërargie

Hieronder volg die vereiste openbaarmaking van billikewaarde-metings, waarvoor 'n billikewaardehiërargie van drie vlakke gebruik is wat die belangrikheid van die insette wat by die bepaling van metings gebruik is, weerspieël. Daar moet op gelet word dat hierdie openbaarmakings slegs bates en laste dek wat teen billike waarde gemeet is.

Die **vlak 1**-kategorie sluit bates en laste in wat gemeet word met verwysing na onaangepaste, gekwoteerde pryse in 'n aktiewe mark vir identiese bates en laste.

Die **vlak 2**-kategorie sluit bates en laste in wat gemeet word met behulp van ander insette as gekwoteerde pryse en gekwoteerde pryse in 'n onaktiewe mark wat by vlak 1 ingesluit is en wat hetsy regstreeks (d.w.s. as pryse) of onregstreeks (d.w.s. afgelei van pryse) vir die bate of las waarneembaar is. Byvoorbeeld, instrumente wat gemeet word met behulp van 'n waardasietegniek gegrond op aannames wat ondersteun word deur pryse van waarneembare huidige marktransaksies, word as vlak 2 gekategoriseer.

Bates en laste wat met behulp van insette gemeet word wat nie op waarneembare markdata gegrond is nie, word as **vlak 3** gekategoriseer.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg)

R miljoen	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
Herhalende metings van billike waarde 31 Desember 2020				
Nie-finansiële instrumente				
Eiendomme	-	-	20 302	20 302
Finansiële instrumente	521 527	253 495	3 130	778 152
Aandele en soortgelyke sekuriteite	181 126	4 718	1 146	186 990
Beleggings in gesamentlike ondernemings	-	-	427	427
Rentedraende beleggings	94 948	155 101	542	250 591
Gestruktureerde transaksies	117	29 449	-	29 566
Beleggingsfondse	239 067	12 342	617	252 026
Handels- en ander debiteure	6 269	6 356	398	13 023
Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite:				
Beleggings	-	42 236	-	42 236
Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite: Bedryfskapitaal	-	3 293	-	3 293
Totale bates teen billike waarde	521 527	253 495	23 432	798 454
Finansiële instrumente	84 892	471 535	2 156	558 583
Beleggingskontrakverpligtinge	387	432 499	1 698	434 584
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	82 228	1 040	446	83 714
Termynfinansiering	50	4 090	-	4 140
Gestruktureerde transaksie-verpligtinge	-	22 958	12	22 970
Handels- en ander krediteure	2 227	10 948	-	13 175
Totale laste teen billike waarde	84 892	471 535	2 156	558 583

R miljoen	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
Herhalende metings van billike waarde				
31 Desember 2019				
Nie-finansiële instrumente	-	-	21 565	21 565
Eiendomme	-	-	21 565	21 565
Finansiële instrumente	478 583	255 866	2 808	737 257
Aandeel en soortgelyke sekuriteite	195 603	4 764	1 134	201 501
Beleggings in gesamentlike ondernemings	-	-	400	400
Rentedraende beleggings	77 456	147 811	498	225 765
Gestruktureerde transaksies	862	22 228	-	23 090
Beleggingsfondse	200 354	21 073	714	222 141
Handels- en ander debiteure	4 308	7 971	62	12 341
Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite:				
Beleggings	-	48 504	-	48 504
Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite:				
Bedryfskapitaal	-	3 515	-	3 515
Totale bates teen billike waarde	478 583	255 866	24 373	758 822
Finansiële instrumente	84 903	434 493	2 184	521 580
Beleggingskontrakverpligtinge	-	399 840	1 641	401 481
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	84 247	397	543	85 187
Termynfinansiering	-	3 314	-	3 314
Gestruktureerde transaksie-verpligtinge	-	19 272	-	19 272
Handels- en ander krediteure	656	11 670	-	12 326
Totale laste teen billike waarde	84 903	434 493	2 184	521 580

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg) Rekonsiliasie van transaksies van vlak 3-bates en laste gemeet teen billike waarde

R miljoen	Eiendomme	Aandele en soortge- lyke seku- riteite
2020		
Bates		
Saldo op 1 Januarie 2020	21 565	1 134
Netto (verlies)/wins in Staat van		
Omvattende Inkomste	(2 222)	62
Verkry deur besigheidsamestellings	4	-
Verkrygings	1 530	142
Vervreemdings van filiale	(91)	-
Vervreemdings	(458)	(225)
Valutabewegings	921	33
Herklassifiseer van		
vervreemdingsgroepe as gehou		
vir verkoop	(3)	-
Oordragte na eienaar- geokkupeerde eiendomme	(944)	-
Saldo op 31 Desember 2020	20 302	1 146
2019		
Saldo op 1 Januarie 2019	21 349	504
Netto wins/(verlies) in Staat van		
Omvattende Inkomste	847	100
Verkry deur besigheid- samestellings	71	-
Verkrygings	469	175
Vervreemdings	(698)	(86)
Valutabewegings	(263)	(15)
Herklassifiseer van		
vervreemdingsgroepe as gehou		
vir verkoop	(2)	-
Oordragte na eienaar- geokkupeerde eiendomme	(208)	-
Oordragte vanaf vlak 2	-	456
Saldo op 31 Desember 2019	21 565	1 134

Belegging in gesamentlike ondernemings	Rente-draende beleggings	Beleggingsfondse	Handels-en ander debiteure	Totale bates
400	498	714	62	24 373
27	20	(24)	45	(2 092)
-	-	-	-	4
-	24	139	338	2 173
-	-	-	-	(91)
-	-	(221)	-	(904)
-	-	9	(47)	916
-	-	-	-	(3)
-	-	-	-	(944)
427	542	617	398	23 432
539	69	732	-	23 193
(139)	(2)	(68)	-	738
-	-	-	-	71
-	437	56	-	1 137
-	(6)	(5)	-	(795)
-	-	(1)	-	(279)
-	-	-	-	(2)
-	-	-	-	(208)
-	-	-	62	518
400	498	714	62	24 373

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg)

R miljoen	Beleggingskontrakverpligtinge	Eksterne beleggers in gekonsoleerde fondse	Termynfinansiering	Totale laste
2020				
Laste				
Saldo op				
1 Januarie 2020	1 641	543	-	2 184
Netto verlies/ (wins) in Staat van Omvattende				
Inkomste	1	(138)	-	(137)
Verkrygings	47	-	12	59
Vervreemdings	(133)	-	-	(133)
Valutabewegings	142	41	-	183
Saldo op 31 Desember 2020	1 698	446	12	2 156
2019				
Laste				
Saldo op				
1 Januarie 2019	1 665	613	-	2 278
Netto verlies/ (wins) in Staat van Omvattende				
Inkomste	49	(55)	-	(6)
Verkrygings	50	-	-	50
Vervreemdings	(141)	-	-	(141)
Valutabewegings	18	(15)	-	3
Saldo op 31 Desember 2019	1 641	543	-	2 184
R miljoen			2020	2019
Verliese (gerealiseer en ongerealiseer) ingesluit in Staat van Omvattende Inkomste				
Totale verliese ingesluit in Staat van Omvattende Inkomste vir die tydperk			(2 665)	(804)
Totale ongerealiseerde verliese ingesluit in Staat van Omvattende Inkomste vir bates gehou aan die einde van die verslagtydperk			(1 485)	(112)

Oordragte tussen kategorieë

R miljoen	Aandele en soortgelyke sekuriteite	Rente-dra-ende beleggings ⁽¹⁾	Gestruktureerde transaksies
Bates			
2020			
Oordrag van vlak 1 na vlak 2	-	(3 627)	-
Oordrag van vlak 2 navlak 1	-	-	-
2019			
Oordrag van vlak 1 na vlak 2	(172)	(2 043)	(4 291)

R miljoen	Beleggingsfondse	Totale bates
Bates		
2020		
Oordrag van vlak 1 na vlak 2	(2 715)	(6 342)
Oordrag van vlak 2 navlak 1	11 013	11 013
2019		
Oordrag van vlak 1 na vlak 2	-	(6 506)

⁽¹⁾ Instrumente wat nie aktief in die mark verhandel is nie, is van vlak 1 oorgedra na vlak 2. Instrumente wat aktief in die mark verhandel word, is van vlak 2 na vlak 1 oorgedra.

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg) Waardasietegnieke gebruik by die bepaling van billike waarde van bates en laste

Instrument	Van toepassing op vlak	Waardasiegrondslag
Eiendomme	3	Onlangs gekontrakteerde pryse, verdiskonteerde kontantvloei-model (VKM) en verdiensteveelvoud
Aandele en soortgelyke sekuriteite	2 en 3	Verdiskonteerde kontantvloei-model en verdiensteveelvoud
Rentedraendebeleggings	2 en 3	VKM, gekwoteerde inset-/teruggaweprys deur uitreiker
Bates en laste van gestruktureerde transaksies	2 en 3	Opsieprysbepalingsmodelle en VKM
Beleggings-kontrakverpligtinge en beleggings-fondse	2 en 3	Huidige onderaandele-prys van onderliggende onderaandeelverdeelde bate, vermenigvuldig met die aantal onder-aandele wat gehou word, verdiensteveelvoud en VKM
Handels- en ander debiteure/krediteure	2 en 3	VKM, verdiensteveelvoud, gekwoteerde inset-/teruggaweprys deur uitreiker en opsieprysbepalingsmodelle
Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite	2	Waardasie teenoor markprys en opbrengskromme
Belegging in gesamentlike ondernemings	3	Verdiensteveelvoud
Termynfinansiering	2	VKM
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	2 en 3	Huidige onderaandele-prys van onderliggende onderaandeel-verdeelde bate, vermenigvuldig met die aantal onderaandele wat gehou word

Hoofaannames	Beduidende onwaarneembare insette
Verband- en ruilrentekoers-kromme, kapitalisasiekoers, koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks en kontantvloeiprojeksies (met inbegrip van persentasie leë ruimte)	Kapitalisasiekoers, verdiskonteringskoers en kontantvloeiprojeksies (met inbegrip van persentasie leë ruimte)
Koste van kapitaal en Verbruikersprysindeks	Koste van kapitaal, aangepaste verdiensteveelvoud, begrotings en projeksies
Verband- en ruilrentekoers-kromme, kapitalisasiekoers, koste van kapitaal, en Verbruikersprysindeks	Verdiskonteringskoers en koste van kapitaal
Verband- en ruilrentekoers-kromme, verwagte aandeel- en valutakoerse, en aanpassings van volatiliteitsrisiko	N.v.t.
Verband- en ruilrentekoers-kromme, kapitalisasiekoers, koste van kapitaal, en Verbruikersprysindeks	Verdiensteveelvoud
Verband- en ruilrentekoers-kromme, koste van kapitaal, Verbruikers-prysindeks, termynkoers, kredietrisikoverspreiding en likiditeitsverspreiding	N.v.t.
Verband- en ruilrentekoers-kromme	N.v.t.
Verdiensteveelvoud, landrisiko en grootte van die besigheid en bemarkbaarheid	Aangepaste verdiensteveelvoud en volhoubare EBITDA
Verband- en termynkoers, kredietwaardigheid van uitreiker, likiditeitsverspreidings en ooreenkomsrentekrommes	N.v.t.
Onderaandelepryse	Gegronde op onderliggende bates

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg)

Gevoeligheid van vlak 3-bates en -laste gemeet teen billike waarde vir veranderinge in belangrike aannames

Bates

R miljoen	Drabedrag	Effek van 'n 10%-verhoging in risiko-aanpassings
Eiendomme⁽¹⁾ 2020		
Kontantvloerisiko-aanpassings	20 302	(2 030)
Basiskoers		
Kapitalisasiekoers		

R miljoen

Verdiensteveelvoud

R miljoen	Drabedrag	Effek van 'n 10%-verhoging in risiko-aanpassings
2019		
Kontantvloerisiko-aanpassings	21 565	(2 157)
Basiskoers		
Kapitalisasiekoers		

R miljoen

Verdiensteveelvoud

⁽¹⁾ Beleggingseiendomme bestaan uit Sanlam Lewens-eiendomme wat met behulp van kapitalisasie- en verdiskonteringskoerse gewaardeer is, met gevoeligheid wat op hierdie twee onwaarneembare insette gegrond is. Dit bestaan ook uit Saham Finances-eiendomme wat gewaardeer is deur van meervoudige verdienstes gebruik te maak.

Effek van 10% daling in risiko aanpassings	Drabedrag	Effek van 1% styging in basis/kapitalisasiekoers	Effek van 1% daling in basis/kapitalisasiekoers
2 030	10 144	(364)	394
	10 144	(470)	574

Drabedrag	Effek van 'n 10% toename in waarde	Effek van 'n 10% afname in waarde
10 158	1 016	(1 016)

Effek van 10% daling in risiko aanpassings	Drabedrag	Effek van 1% styging in basis/kapitalisasiekoers	Effek van 1% daling in basis/kapitalisasiekoers
2 157	11 464	(436)	473
	11 464	(479)	582
	Drabedrag	Effek van 'n 10% toename in waarde	Effek van 'n 10% afname in waarde
	10 101	936	(930)

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

8. Openbaarmakings aangaande billike waarde, (vervolg)

R miljoen	Drabedrag	Effek van 'n 10%-styging in veelvoud
Ander beleggings 2020		
Aandele en soortgelyke sekuriteite	1 146	115
Belegging in gesamentlike ondernemings	427	43
Rentedraende beleggings		
Beleggingsfondse	617	62
Handels- en ander debiteure		
Totaal	2 190	220
2019		
Aandele en soortgelyke sekuriteite	1 134	113
Belegging in gesamentlike ondernemings	400	40
Rentedraende beleggings		
Beleggingsfondse	714	71
Handels- en ander debiteure		
Totaal	2 248	224

Liabilities

R miljoen	Drabedrag ⁽¹⁾	Effek van 'n 10%-styging in veelvoud	Effek van 'n 10%-daling in veelvoud
2020			
Beleggingskontrak-verpligtinge	1 698	170	(170)
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	446	45	(45)
Gestruktureerde transaksie-verpligtinge	12	1	(1)
Totale laste	2 156	216	(216)
2019			
Beleggingskontrak-verpligtinge	1 641	164	(164)
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	543	54	(54)
Totale laste	2 184	218	(218)

⁽¹⁾ Verteenwoordig hoofsaaklike private aandelebeleggings gewaardeer volgens verdiensteveelvoud, met gevoeligheid wat op die volle waardasie gegrond is.

Effek van 'n 10%-styging in veelvoud	Drabedrag	Effek van 'n 1%-styging in verdiskontेरingskoers	Effek van 'n 1%-daling in verdiskontेरingskoers
(115)			
(43)			
	542	(21)	21
(62)	398	(16)	16
(220)	940	(37)	37
(113)	-	-	-
(40)	-	-	-
-	498	(23)	14
(71)	-	-	-
-	62	(20)	21
(224)	560	(43)	35

Aantekeninge by die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember (vervolg)

9. Waardedaling

9.1 Waardedaling van klandisiewaarde, waarde van verkreeë besigheid en ander bates

Die verhaalbare bedrae van klandisiewaarde, waarde van verkreeë besigheid en ander ontasbare bates vir die doel om waardedaling te toets, word bepaal op grond van die gebruikswaarde in die besighede. Vir lewensbesighede word dit bepaal as die intrinsieke waarde van lewensversekeringsbesighede plus 'n waarde van 'n veelvoud van nuwe lewensversekeringsbesigheid. Vir nie-lewensbesighede is die gebruikswaarde bepaal op die grondslag van verdiskonteerde kontantvloeivaardasies. Dit word geag die geskikte meting van gebruikswaarde te wees.

9.1.1 Saham

'n Waardedalingsevaluering is op 30 Junie 2020 gedoen. Dit het die erkenning van waardedaling tot gevolg gehad. 'n Herevaluering is op 31 Desember 2020 gedoen. Soos weerspieël in die onderstaande tabel is die gebruikswaarde hoër as die drawaarde en geen verdere waardedaling is gevolglik nodig nie. Waardedaling wat gedurende die huidige jaar erken is, het R6 560 miljoen beloop en is verminder deur die aanwending van die verskansingsreserwe van R855 miljoen. Waardedaling van die drawaarde van klandisiewaarde wat op 30 Junie 2020 erken is, is nie teruggeskryf nie.

R miljoen	Nie-lewens	Lewens	Libanon	Totaal
31 Desember 2020				
Gebruikswaarde	17 950	2 390	-	20 340
Drawaarde	17 646	2 496	-	20 142
Waardedaling erken gedurende huidige jaar	(4 327)	(502)	(1 731)	(6 560)
Aanwending van verskansingsreserwe voorheen gekapitaliseer				855
Netto waarde-dalings op 31 Desember 2020				(5 705)

Klandisiewaarde wat op 30 Junie 2020 ingesluit is by die drawaardes voor waardedaling word soos volg aan die kontantgenererende eenhede toegedeel: R13,4 miljard (Nie-lewens), R2,2 miljard (Lewens) en R816 miljoen (Libanon) onderskeidelik. Oorblywende klandisiewaarde ná waardedaling beloop onderskeidelik R9,0 miljard (Nie-lewens) en R1,7 miljard (Lewens).

9.1.2 Shriram Capital

Die bruto waardedaling beloop onderskeidelik R131 miljoen (STFC) en R672 miljoen (Shriram Capital):

R miljoen	STFC	Shriram Capital
Gebruikswaarde	1 571	7 671
Drawaarde	1 702	8 343
Bruto waardedaling	(131)	(672)

Verwys na nota 25 in die aanlyn Jaarlikse Finansiële State vir meer inligting.

10. Herstatering

Vir die doelwit van die kontantvloei staat het bestuur die definisie van kontant en kontantekwivalente herassesseer in lyn met die definisie van IAS 7 bv korttermyn, hoogs-likiede beleggings wat geredelik omskepbaar is in bekende bedrae kontant en waarvan die risiko van verandering in waarde onbeduidend is. Vir die doelwit van die kontantvloei staat word kontant en kontantekwivalente gehou vir die doel om korttermynverpligtinge na te kom, eerder as vir beleggings of ander doelwitte. 'n Belegging sal kwalifiseer as kontant en kontantekwivalente wanneer dit 'n kort vervaltydperk van drie maande of minder het vanaf verkrygingsdatum. Verkrygings en vervreemdings van korttermynbeleggings wat nie voldoen aan die definisie van kontant en kontantekwivalente volgens IAS 7 nie, word ingesluit in operasionele kontantvloei. Die aanpassing van R675 miljoen reflekteer die kontantuitvloei ten opsigte van die 2019 verkryging van hierdie beleggings. Die impak is as volg:

R miljoen	2019		
	Soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Herstateer
Kontantvloei van operasionele aktiwiteite	6 645	675	7 320
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	8 639	675	9 314
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	63 343	(19 594)	43 749
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	71 657	(18 919)	52 738

Die bogenoemde herstatering het geen effek gehad op die Staat van Finansiële Posisie, Staat van Omvattende Inkomste of Staat van Verandering in Ekwiiteit nie.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Sanlam Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienommer 1959/001562/06) JSE-aandelekode: SLM/
NSX Aandelekode: SLA ISIN: ZAE000070660 (die Maatskappy of Sanlam)

Kennis geskied hiermee aan aandeelhouders wat op Vrydag, 19 Maart 2021 in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, dat die 23ste Algemene Jaarvergadering (AJV) van die aandeelhouders van Sanlam op Woensdag 9 Junie 2021 om 14:00* in die CR Louw-ouditorium, Sanlam Hoofkantoor, Strandweg 2, Bellville, Kaapstad (die vergadering) gehou sal word om (i) sodanige sake te bespreek soos wat wettiglik by die vergadering bespreek mag word, en (ii) die gewone en spesiale besluite wat hierna uiteengesit word, te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar op die wyse soos bepaal deur die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (die Maatskappywet), saamgelees met die Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE-noteringsvereistes) en ander aandelebeurse waarop die Maatskappy se gewone aandele genoteer is, aan welke vergadering aandeelhouders wat op die stemregistrasiedatum, Vrydag 28 Mei 2021, in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, mag deelneem en waarby hulle mag stem.

Let asseblief daarop dat deelnemers aan die vergadering (insluitende gevolmagtigdes) redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf voordat hulle die vergadering sal kan bywoon of daaraan sal kan deelneem.

Stemgeregtigdes word toegelaat om die lokaal nie later nie as 14:00 op Woensdag 9 Junie 2021 binne te kom om te stem. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, bestuurslisensies en paspoorte in.

* Die vergadering begin stiptelik om 14:00. Weens die elektroniese stemstelsel wat gebruik word, sal geen laat registrasies op die dag toegelaat word nie.

Gewone besluite

Om die volgende 12 gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

Persentasie steun vereis vir gewone besluite nommers 1 tot 12

Vir die aanneem van hierdie gewone besluite word die steun van meer as 50% (vyftig persent) van die totale getal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie vergadering mag uitbring, vir elke gewone besluit vereis, behalwe gewone besluit nummer 11, waar die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme vereis word.

1. Gewone besluit nummer 1 – Voorlegging van Sanlam se jaarlikse verslagdoening

Om Sanlam se jaarlikse verslagdoening (wat die Geïntegreerde Verslag, Korporatiewe Bestuursverslag, Vergoedingsverslag en Jaarlikse Finansiële State insluit) vir die jaar geëindig 31 Desember 2020, wat soos vereis aan aandeelhouers versprei is, insluitende die gekonsolideerde nagesiene finansiële state van die Maatskappy en sy filiale, asook die Ouditeure, die Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee (Ouditkomitee) en die direkteure se verslae voor te lê, te oorweeg en te aanvaar. Sanlam se jaarlikse verslagdoening vir 2020 is aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nummer 1 is om Sanlam-aandeelhouers die geleentheid te gee om Sanlam se jaarlikse verslagdoening, insluitende die gekonsolideerde nagesiene finansiële state van die Maatskappy, soos vereis deur Artikel 30(3)(d) van die Maatskappywet formeel te oorweeg en te aanvaar.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

2. Gewone besluit nommer 2 – Heraanstelling van gesamentlike ouditeure vir die 2021 finansiële jaar

Om Ernst & Young Geïnk., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, weer as onafhanklike gesamentlike ouditeure van die Maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot ná afloop van die volgende AJV van die Maatskappy. Neem asseblief kennis dat mnr. C du Toit die individuele en aangewese gesamentlike ouditeur is wat die Maatskappy se gesamentlike audit vir die finansiële jaar eindigende 31 Desember 2021 sal onderneem.

Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nommer 2 is dat:

- die Maatskappy se ouditeure, ingevolge die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, elke jaar by die AJV van die Maatskappy aangestel of her aangestel moet word. Ingevolge paragraaf 3.86 van die JSE noteringsvereistes het die Ouditkomitee ook die volgende oorweeg en hulle daarvan vergewis dat Ernst & Young Geïnk., die onafhanklike gesamentlike ouditeure, as sodanig op die JSE se Lys van Ouditeure en Rekeningkundige Spesialiste geakkrediteer is; en
- bogenoemde individu en aangewese gesamentlike ouditeur aan die toepaslike vereistes voldoen soos bepaal in afdeling 22 van die JSE-noteringsvereistes en nie op die JSE se lys van gediskwalifiseerde individuele ouditeure verskyn nie.

3. Gewone besluit nommer 3 – Heraanstelling van die gesamentlike ouditeure vir die 2021 finansiële jaar

Om KPMG Geïnk., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, weer as gesamentlike onafhanklike ouditeure van die Maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot ná afloop van die volgende AJV van die Maatskappy. Neem asseblief kennis dat mnr. P Fourie die individuele en aangewese ouditeur is wat die Maatskappy se gesamentlike audit vir die finansiële jaar eindigende 31 Desember 2021 sal onderneem.

Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nommer 3 is dat die Maatskappy se ouditeure, ingevolge die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, elke jaar by die Maatskappy se AJV aangestel of heraan gestel moet word. Ten einde algehele maatskappybestuur te versterk en ooreenstemming met die verwagte vereistes van die Omsigtigheidowerheid te verseker, het die Ouditkomitee by Sanlam se Direksie (die Direksie) aanbeveel dat die gesamentlike onafhanklike ouditeure weer vir Sanlam aangestel word. Ingevolge paragraaf 3.86 van die JSE-noteringsvereistes het die Ouditkomitee ook die volgende oorweeg en hulle daarvan vergewis dat

- KPMG Geïnk., die gesamentlike onafhanklike ouditeure, as sodanig op die JSE se Lys van Ouditeure en Rekeningkundige Spesialiste geakkrediteer is;
- bogenoemde individu en aangewese ouditeur aan die toepaslike vereistes voldoen soos bepaal in afdeling 22 van die JSE-noteringsvereistes en nie op die JSE se lys van gediskwalifiseerde individuele ouditeure verskyn nie.

4. Gewone besluit nommer 4 – Aanstelling van direkteure

Om die volgende direkteur (gewone besluit nommer 4.1) wat ingevolge Klousule 26 van die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur in die Direksie aangestel sal word, en wat verkiesbaar is en homself verkiesbaar stel, te kies.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 4.1 is om die direkteur wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur in die Direksie aangestel word, te kies.

4.1 Gewone besluit nommer 4.1 – Verkiesing van Nicolaas Kruger as direkteur

Om Nicolaas Kruger, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur gekies word, en wat verkiesbaar is en homself verkiesbaar stel, te kies.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Naam: Nicolaas Kruger (53)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2020

Kwalifikasies: BCom (Wiskunde) Cum Laude Universiteit Stellenbosch (1988); Genoot van die Fakulteit van Aktuarisse (1992) en Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (1992); Gevorderde Bestuursprogram, Universiteit van Oxford (2001) en 'n Geoktrooieerde Direkteur (GD(SA))

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Lid van die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Kliëntebelange-komitee (Voorsitter) en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

General Reinsurance Africa (Gen Re), Granor Passi, Griekwaland-Wes Korporatief (GWK), Fintech Management, Voorsitter van Blue Falcon 290 Trading Limited (handeldrywend as Brenn O-Kem) en Gannaveld

Kundigheidsgebiede:

Algemene bestuur, finansieel, aktuarieel, internasionale markte en beleggings, lewensversekering, algemene versekering en aftreefondsversekering

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteur aan.

5. Gewone besluit nummer 5 - Herkiesing van direkteure

Om individueel die volgende nie-uitvoerende direkteure (gewone besluite nommers 5.1 tot 5.3) van die Maatskappy, wat ingevolge Klousule 26.2 van die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en hulself weer verkiesbaar stel, te herkies.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluite nommers 5.1 tot 5.3 is om die volgende direkteure wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, te herkies.

- Mathukana Mokoka
- Karabo Nondumo
- Dr. Johan van Zyl

5.1 Gewone besluit nommer 5.1 – Herkiesing van Mathukana Mokoka as direkteur

Om Mathukana Mokoka, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en haarself weer verkiesbaar stel, te herkies.

Naam: Mathukana Mokoka (47)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2018

Kwalifikasies: (GR)SA

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Lid van die Ouditkomitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Kliëntebelangekomitee, die Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Nie-uitvoerende Direkteur van Palabora Mining, Alviva (Edms.) Bpk; CSG Holdings; Stadio Holdings; lid van African Women Chartered Accountants (AWCA); lid van die Ouditkomitee van Two Rivers Platinum en Modikwa Platinum Mine asook 'n Trustee van Kwanda Education Trust

Kundigheidsgebiede:

Rekeningkunde, finansies, risikobestuur en nakoming, lewens-versekering en mynbou

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

5.2 Gewone besluit nommer 5.2 – Herkiesing van Karabo Nondumo as direkteur

Om Karabo Nondumo, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en haarself weer verkiesbaar stel, te herkies.

Naam: Karabo Nondumo (42)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2015

Kwalifikasies: BRek, HDipRek, GR(SA)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee (Voorsitter), die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee, die Nominasieskomitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Harmony Gold, Richardsbaai Steenkoolterminus, African Rainbow Life Beperk en Channel Life

Kundigheidsgebiede:

Rekeningkunde, finansiële markte en beleggings asook risikobestuur

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

5.3 Gewone besluit nommer 5.3 – Herkiesing van Dr. Johan van Zyl as direkteur

Om Dr. Johan van Zyl, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.

Naam: Dr. Johan van Zyl (64)

Aanstelling: Nie-uitvoerende direkteur sedert 2016, Groep Uitvoerende Hoof vanaf 2003 tot 2015 en Voorsitter van Sanlam Lewens en Beperk vanaf 2017 tot 2020

Kwalifikasies: PhD (Ekonomie), DSc (Landbou)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

African Rainbow Capital, Ubuntu-Botho Beleggings, UBI Algemene Vennote, Rain Group Holdings en Voorsitter van die Vumelana Advisory Fund

Kundigheidsgebiede:

Algemene bestuur, versekering, ekonomie.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

6. Gewone besluit nommer 6 – Verkiesing van uitvoerende direkteure

Om die volgende uitvoerende direkteure (gewone besluite nommers 6.1 en 6.2) wat in die Direksie aangestel is en wat verkiesbaar is en hulself verkiesbaar stel, te kies:

Rede en gevolg

Die Direksie het ooreengekom dat, in belang van goeie korporatiewe bestuur, uitvoerende direkteure ook beurtelings vrywillig sal uittree volgens 'n voorafbepaalde rotasierooster.

6.1 Gewone besluit nommer 6.1 – Verkiesing van Paul Hanratty as uitvoerende direkteur

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 6.1 is om die uitvoerende direkteur wat in die Direksie aangestel is, te kies. Paul Hanratty se status het op 1 Julie 2020 van onafhanklike nie-uitvoerende direkteur na uitvoerende direkteur verander toe hy as Groep Uitvoerende Hoof aangestel was.

Naam: Paul Hanratty (59)

Aanstelling: Uitvoerende direkteur sedert 2020

Kwalifikasies: B.Handelwetenskap (Aktuarieel) (Hons) (Universiteit van Kaapstad), Genoot van die Instituut van Aktuarisse (FIA)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Groep Uitvoerende Hoof en Voorsitter van die Groep Uitvoerende komitee

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Belangrike Sanlam-verwante posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Nie-uitvoerende direksielid van Sanlam Beleggingsbeheermaatskappy (Edms.) Bpk, Sanlam Beleggingsbeheermaatskappy (VK) (Edms.) Bpk, Genbel Securities, Sanlam Opkomende Markte asook Sanlam Kapitaalmarkte

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Nie-uitvoerende direkteur van die MTN Groep,
Nie-uitvoerende Voorsitter van Intelligent Debt Management

Kundigheidsgebiede:

Algemene bestuur, finansiële markte, aktuarieel, internasionale markte en beleggings

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteur aan.

6.2 Gewone besluit nommer 6.2 – Verkiesing van Abigail Mukhuba as uitvoerende direkteur

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 6.2 is om die uitvoerende direkteur wat in die Direksie aangestel is, te kies. Abigail Mukhuba is op 1 Oktober 2020 as Finansiële Direkteur aangestel en haar aanstelling as uitvoerende direkteur word dus aanbeveel.

Naam: Abigail Mukhuba (41)

Aanstelling: Uitvoerende direkteur sedert 2020

Kwalifikasies: MBA (UK), MCom (RSA en Internasionale Belasting) (RAU), BCom (Hons) (RAU), BCompt (UNISA)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Lid van die Risiko- en Nakoming-komitee, lid van die Groep Uitvoerende komitee en Finansiële Direkteur in die Direksies van Sanlam Lewensversekering Beperk en Sanlam Beperk

Belangrike Sanlam-verwante posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Direksielid van Santam, Sanlam Opkomende Markte, Sanlam Beleggingsbeheermaatskappy, Sanlam Kapitaalmarkte, Genbel Securities, Sanlam Lewens en Spaar asook Sanlam Korporatief

Kundigheidsgebiede:

Algemene bestuur, Suid-Afrikaanse en internasionale belasting, finansiële markte, rekeningkunde en finansiële verslagdoening.

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteur aan.

7. Gewone besluit nommer 7 – Verkiesing van die lede van die Sanlam Ouditkomitee

Om individueel die volgende onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (gewone besluite nommers 7.1 tot 7.5) as lede van die Sanlam Ouditkomitee te kies tot ná afloop van die Maatskappy se volgende AJV.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluite nommers 7.1 tot 7.5 is dat die lede van die Ouditkomitee van die Maatskappy, synde 'n statutêre komitee, ingevolge Artikel 94(2) van die Maatskappywet deur die aandeelhouers aangestel moet word.

7.1 Gewone besluit nommer 7.1 – Aanstelling van Andrew Birrell as lid van die Ouditkomitee

Naam: Andrew Birrell (51)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2019

Kwalifikasies: B.Handelswetenskap (Aktuarieel) (Hons) (1990) (Universiteit van Kaapstad), Genoot van die Fakulteit van Aktuarisse (1994), Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (FASSA), Geoktrooieerde Aktuaris vir Ondernemingsrisiko (CERA Global Association, 2009) en lid van die Instituut van Direkteure (VK, 2015)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee (Voorsitter) en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Sun Life of Canada (VK), voorsitter van die Risikokomitee en die Winsdelingkomitee; onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Esure Limited (VK), voorsitter van die Ouditkomitee, lid van die Risiko-komitee en die Vergoedingkomitee; en uitvoerende direkteur van Universal Partners Limited; nie-uitvoerende direkteur van JSA Group en YASA Limited (albei maatskappye wat in die VK gesetel is); direkteur van SC Lowy Partners en voorheen verskeie onafhanklike nie-uitvoerende posisies in relevante bedrywe in Suid-Afrika en in die buiteland (onder meer onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter van Assupol Holdings en Assupol Life tot 31 Maart 2019)

Kundigheidsgebiede:

Finansiële verslagdoening, beleggingsbestuur, risiko-bestuur, lewensversekering, algemene versekering, gesondheidsversekering, aandele-makelary, batebestuur en kleinhandelaar-lynbankwese

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteur aan.

7.2 Gewone besluit nommer 7.2 – Aanstelling van Nicolaas Kruger as lid van die Ouditkomitee (onderhewig aan sy verkiesing as direkteur ooreenkomstig gewone besluit nommer 4.1).

Naam: Nicolaas Kruger (53)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2020

Kwalifikasies: BCom (Wiskunde) Cum Laude, Universiteit Stellenbosch (1988); Genoot van die Fakulteit van Aktuarisse (1992) en Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (1992); Gevorderde Bestuursprogram, Universiteit van Oxford (2001) en 'n Geoktrooierde Direkteur (GD(SA))

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Lid van die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Kliëntebelangekomitee (Voorsitter) en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

General Reinsurance Africa (Gen Re), Granor Passi, Griekwaland-Wes Korporatief (GWK), Fintech Management, Voorsitter van Blue Falcon 290 Trading Limited (handeldrywende as Brenn O-Kem) en Gannaveld

Kundigheidsgebiede:

Algemene bestuur, finansieel, aktuarieel, internasionale markte en beleggings, lewensversekering, algemene versekering en aftreefondsversekering

7.3 Gewone besluit nommer 7.3 – Aanstelling van Mathukana Mokoka as lid van die Ouditkomitee

Naam: Mathukana Mokoka (47)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2018

Kwalifikasies: (GR)SA

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Lid van die Ouditkomitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Kliëntebelangekomitee, die Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Nie-uitvoerende Direkteur van Palabora Mining, Alviva (Edms.) Bpk; CSG Holdings; Stadio Holdings; lid van African Women Chartered Accountants (AWCA); lid van die Ouditkomitee van Two Rivers Platinum en Modikwa Platinum Mine asook 'n Trustee van Kwanda Education Trust

Kundigheidsgebiede:

Rekeningkunde, finansies, risikobestuur en nakoming, lewensversekering en mynbou

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

7.4 Gewone besluit nommer 7.4 – Aanstelling van Kobus Möller as lid van die Ouditkomitee

Naam: Kobus Möller (62)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2020

Kwalifikasies: BCom (Cum Laude) Universiteit van Pretoria, BCompt (Hons) (UNISA), GR(SA), Gevorderde Bestuursprogram (Harvard Bestuurskool)

Kobus Möller het voorheen senior finansiële posisies in Gencor, Impala Platinum Holdings en Sanlam Persoonlike Finansies beklee en was vanaf 2006 tot sy aftrede in 2016 Sanlam se Finansiële Direkteur.

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Ouditkomitee, Risiko- en Nakoming-komitee, Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid komitee, Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Kundigheidsgebiede:

Rekeningkunde, finansiële markte/beleggings en risikobestuur

7.5 Gewone besluit nommer 7.5 – Aanstelling van Karabo Nondumo as lid van die Ouditkomitee

Naam: Karabo Nondumo (42)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2016

Kwalifikasies: BRek (Universiteit van Natal), HDipRek (Wits), GR(SA)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid -komitee (Voorsitter), die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee, die Nominasieskomitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Harmony Gold, Richardsbaai Steenkoolterminus en African Rainbow Life

Kundigheidsgebiede:

Lewensversekering, telekommunikasie, rekeningkunde, risikobestuur en nakoming, maatskappybestuur, internasionale besigheid, bemagtiging, menslike hulpbronne en vergoeding

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:

Direksielid van Sanlam Kapitaalmarkte (Edms.) Bpk, Sanlam Beleggings-beheermaatskappy (Edms.) Bpk, Sanlam Opkomende Markte Beperk

Kundigheidsgebiede:

Lewensversekering, korttermynversekering, internasionale sake-transaksies, finansiële verslagdoening, risikobestuur en beleggings

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie lede tot die Ouditkomitee aan.

8. Gewone besluit nommer 8 – Adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringsverslag

Aandeehouers word versoek om 'n afsonderlike nie-bindende adviserende stem uit te bring oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid en die implementering daarvan soos uiteengesit op bladsy 7 tot 44 van die Sanlam Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com).

8.1 Gewone besluit nommer 8.1 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid

Besluit dat aandeehouers by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit op bladsy 7 tot 25, goedkeur.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

8.2 Gewone besluit nommer 8.2 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsimplementeringsverslag

Besluit dat aandeelhouders by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se vergoedingsimplementeringsverslag, soos uiteengesit op bladsy 26 tot 44, goedkeur.

Rede en gevolg

Die King Verslag oor Korporatiewe Bestuur™ vir Suid-Afrika, 2016 (King IV™)⁽¹⁾, beginsel 14, aanbevole praktyk 37, asook paragraaf 3.84(j) van die JSE-noteringsvereistes bepaal dat die vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringverslag elke jaar by die AJV voorgelê moet word vir afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouders.

Gewone besluit nommers 8.1 en 8.2 is slegs van 'n adviserende aard en versuim om hierdie besluit goed te keur sal dus nie enige regsgevolge inhou ten opsigte van bestaande reëlings nie. Die Menslike Hulpbronne- en Vergoedingskomitee en die Direksie sal egter die uitslag van die stemmery en enige kommentaar deur aandeelhouders in ag neem by die oorweging van die Maatskappy se vergoedingsbeleid. Indien 25% (vyf-en-twintig persent) of meer van die stemme wat by die AJV uitgebring is teen hierdie besluite is, sal die Direksie ooreenkomstig die bepaling van die JSE-noteringsvereistes andersdenkende aandeelhouders uitnoui om met die Menslike Hulpbronne- en Vergoedingskomitee in gesprek te tree oor hul bekommernisse.

9. Gewone besluit nommer – Om kennis te neem van die totale vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2020

Om kennis te neem van die totale vergoeding van direkteure soos uiteengesit in Sanlam se Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com), spesifiek insluitende die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure (kyk bladsy 42 en 44) en uitvoerende direkteure (bladsye 26 tot 44 vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2020.

⁽¹⁾ *Kopiereg en handelsmerke is die eiendom van die Instituut van Direkteure in Suid-Afrika NPC en al sy regte word voorbehou.*

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nummer 9 is om kennis te neem van die vergoeding van direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2020.

10. Gewone besluit nummer 10 – Om onuitgereikte gewone aandele onder die beheer van die direkteure te plaas

Om al die onuitgereikte gewone aandele van die Maatskappy, sowel as Sanlam-aandele wat as onuitgereikte (tesourie-aandele) deur filiale van die Maatskappy gehou word, tot die volgende AJV onder die beheer te plaas van die direkteure van die Maatskappy, wat hiermee gemagtig word om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, hierdie onuitgereikte aandele na goeddunke toe te ken en uit te reik en/of hierdie onuitgereikte-aandele te vervreem ooreenkomstig sodanige bepalings en voorwaardes soos en wanneer hulle dit goeddink, met dien verstande dat:

- die totale aantal gewone aandele wat toegeken en uitgereik word, en onuitgereikte aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit en gewone besluit nummer 11 vervreem word, beperk word tot 5% (vyf persent) van die aantal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV; en
- enige uitgifte van gewone aandele as 'n uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, in ooreenstemming is met die beperkings vervat in gewone besluit nummer 11.

Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nummer 10 is dat die Direksie ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting magtiging van aandeelhouers moet verkry om aandele in die Maatskappy uit te reik en/of onuitgereikte aandele wat deur filiale van die Maatskappy gehou word, te vervreem. Nadat hierdie algemene magtiging verleen is, kan die Direksie van tyd tot tyd, wanneer gepas, aandele uitreik of onuitgereikte aandele vervreem soos nodig, onder meer met die oog op kapitaalverkryging en om 'n gesonde kapitaaltoereikendheidsverhouding te handhaaf.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Hierdie algemene magtiging is onderhewig daaraan dat dit beperk word tot 5% (vyf persent) van die aantal uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV, op voorwaardes wat meer volledig uiteengesit word in gewone besluit nommer 11.

11. Gewone besluit nommer 11 – Algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik

Om aan die direkteure die algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die JSE-noteringsvereistes, soos en wanneer geskikte geleenthede opduik en volgens sodanige bepalinge en voorwaardes soos wat hulle goeddink, gewone aandele van een (1) sent elk (of opsies waarvoor ingeskryf kan word, of sekuriteite wat in sodanige gewone aandele omskep kan word) uit te reik en Sanlam-aandele wat deur filiale van die Maatskappy as onuitgereikte aandele gehou word, te vervreem as 'n "uitgifte vir kontant" soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, met dien verstande dat die totale aantal gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit en gewone besluit nommer 10 toegeken en uitgereik word, tesame met enige onuitgereikte aandele wat ooreenkomstig gewone besluit nommer 10 vervreem word, beperk word tot 5% (vyf persent) van die aantal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie vergadering.

Om onsekerheid te voorkom, word aangeteken dat 'n pro rata regte-aanbod aan aandeelhouders nie 'n uitgifte vir kontant is soos in die JSE-noteringsvereistes omskryf word nie en dat hierdie besluit en die beperkings hierin vervat dus nie op enige sodanige pro rata regte-aanbod aan aandeelhouders van toepassing is nie.

Daar word aangeteken dat die JSE-noteringsvereistes tans die volgende vereistes bevat:

- dat hierdie algemene magtiging geldig is tot die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 maande vanaf die datum waarop hierdie besluit goedgekeur is, watter een ook al eerste voorkom;
- dat die aandelesekuriteite wat die onderwerp van die uitgifte vir kontant is, van 'n klas moet wees wat reeds uitgereik is of, waar dit nie die geval is nie, beperk moet word tot sodanige sekuriteite of regte wat omskep kan word in opsies ten opsigte van 'n klas wat reeds uitgereik is of wat sodanige opsies verteenwoordig;

- dat die totale aantal gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit toegeken en uitgereik word, tesame met enige onuitgereikte aandele wat ooreenkomstig hierdie gewone besluit nommer 11 vervreem word, beperk word tot 5% (vyf persent) van die aantal gewone uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV, sodanige aantal synde 2 226 974 408 gewone aandele in die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal, uitgesonderd onuitgereikte aandele;
- dat enige aandelesekuriteite wat ooreenkomstig die magtiging uitgereik word gedurende die tydperk soos bedoel in die eerste kolpunt hierbo, afgetrek moet word van sodanige aantal in die vorige kolpunt;
- dat, in die geval van 'n onderverdeling of konsolidasie van uitgereikte aandelesekuriteite gedurende die tydperk soos bedoel in die eerste kolpunt, die bestaande magtiging dienooreenkomstig aangepas moet word om dieselfde toekenningsverhouding te verteenwoordig;
- dat die aandelesekuriteite uitgereik word of onuitgereikte aandele vervreem word aan persone wat kwalifiseer as openbare aandeelhouers soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, en nie aan verwante partye soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes nie;
- dat, by die vasstelling van die prys waarteen aandele ooreenkomstig hierdie magtiging uitgereik of onuitgereikte aandele vervreem word, die maksimum toegelate korting 10% (tien persent) van die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die betrokke aandele sal wees, soos bepaal oor die 30 (dertig) sakedae voor die datum waarop die prys van die uitgifte of vervreemding ooreengekom is tussen die uitreiker en die party wat vir die aandele inskryf of die aandele verkry; en
- dat, nadat die Maatskappy die aandelesekuriteite uitgereik of onuitgereikte aandele vervreem het ooreenkomstig 'n goedgekeurde algemene uitgifte vir kontant wat op 'n kumulatiewe grondslag binne 'n finansiële jaar 5% (vyf persent) of meer van die aantal uitgereikte aandelesekuriteite voor daardie uitgifte verteenwoordig, die Maatskappy in ooreenstemming met die JSE-noteringsvereistes 'n verklaring met volledige besonderhede van die uitgifte moet uitreik.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Rede en gevolg

Om, onderhewig aan die JSE-noteringsvereistes, algemene magtiging aan die direkteure te verleen om gewone aandele uit te reik en onuitgereikte aandele te vervreem as uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes.

Persentasie stemme

Vir die aanneem van gewone besluit nommer 11 vereis die JSE-noteringsvereistes dat die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemme wat aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by die vergadering uitbring, verkry moet word.

12. Gewone besluit nommer 12 – Om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Sekretaris van die Maatskappy (Maatskappysekretaris), te magtig om voorgenoemde gewone en ondergenoemde spesiale besluite te implementeer

Om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Maatskappysekretaris, te magtig om alle handeling uit te voer, alle dokumente te onderteken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om uitvoering aan voorgenoemde gewone en ondergenoemde spesiale besluite te gee.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 12 is om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Maatskappysekretaris, te magtig om uitvoering aan die gewone en spesiale besluite te gee.

Spesiale besluite

Om die volgende vier (4) spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

Persentasie steun vereis vir spesiale besluite nommers 1 tot 4

Vir die aanneem van hierdie spesiale besluite word die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale aantal stemme wat die aandeelhouers verteenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie vergadering mag uitbring, vir elke spesiale besluit vereis.

A. Spesiale besluit nommer 1 – Goedkeuring van nie-uitvoerende direkteure se vergoeding vir hul dienste as direkteure

Besluit dat:

Ingevolge Artikel 66(9) van die Maatskappywet betaling van die vergoeding vir hul dienste as nie-uitvoerende direkteure van Sanlam vir die tydperk 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022 soos uiteengesit in die onderstaande tabel, goedgekeur word. Hierdie gelde verteenwoordig 'n verhoging van nul persent (0%) in die gelde van toepassing op die 12 maande tot 30 Junie 2021.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 1 is om die berekeningsgrondslag van die vergoeding wat deur die Maatskappy aan sy nie-uitvoerende direkteure betaalbaar is vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die tydperk 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022 goed te keur. Uitvoerende direkteure van die Maatskappy ontvang nie enige vergoeding vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy nie.



Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Nie-uitvoerende direkteure se gelde vir 2020/2021

Direkteure/Komitees

Voorsitter

Ondervoorsitter⁽¹⁾

Hoof Onafhanklike Direkteur (HOD)*

Nie-uitvoerende direkteure (NUD)

Nie-uitvoerende direkteure nie in Suid-Afrika woonagtig

Voorsitter van Oudit, Aktuariële en Finansies-komitee

Lid van Oudit, Aktuariële en Finansies-komitee

Voorsitter van Risiko en Nakoming-komitee

Lid van Risiko en Nakoming-komitee

Voorsitter van Menslike Hulpbronne en

Vergoeding-komitee

Lid van Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee

Voorsitter van Kliëntebelange-komitee

Lid van Kliëntebelange-komitee

Voorsitter van Maatskaplike, Etiek en

Volhoubaarheid-komitee

Lid van Maatskaplike, Etiek en Volhoubaarheid-komitee

Voorsitter van Nominasies-komitee

Lid van Nominasies-komitee

Spesiale ad hoc-komitees

Alle gelde sluit BTW uit.

⁽¹⁾ Op grond van markriglyne het die amp jaarlikse retensiegelde en bywoningsgelde per vergadering van onderskeidelik R588 686 en R34 348 geregverdig. Op versoek van die Ondervoorsitter sal Sanlam die verskil tussen die markriglyn en die NUD-gelde wat hierbo uiteengesit word, vir 'n geskikte filantropiese doel aanwend.

* Aangesien die Voorsitter 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur is, is geen bykomende gelde aan 'n HOD toegedeel nie.

Jaarlikse gelde 2020/21 R	Bywoningsgelde per vergadering 2020/21 R	Jaarlikse gelde 2021/22 R	Bywoningsgelde per vergadering 2021/22 R
3 306 884	Geen	3 306 884	Geen
588 686	34 348	588 686	34 348
724 972	42 298	Geen	Geen
386 931	33 863	386 931	33 863
968 243	84 738	968 243	84 738
524 681	Geen	524 681	Geen
236 555	Geen	236 555	Geen
473 109	Geen	473 109	Geen
236 555	Geen	236 555	Geen
360 783	Geen	360 783	Geen
180 392	Geen	180 392	Geen
267 109	Geen	267 109	Geen
133 555	Geen	133 555	Geen
313 948	Geen	313 948	Geen
133 555	Geen	133 555	Geen
239 023	Geen	239 023	Geen
133 555	Geen	133 555	Geen
Geen	24 309	Geen	24 309

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

B. Spesiale besluit nummer 2 – Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die Maatskappy se aandele te verkry

Besluit dat:

Kragtens die Maatskappy se Akte van Oprigting verleen die aandeelhouders van die Maatskappy hiermee algemene goedkeuring vir:

- a) die koop van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy by wyse van 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies; en
- b) die koop deur en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele wat deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo gekoop is;

op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die Direksie van die Maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd mag besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die JSE-noteringsvereistes en enige ander aandelebeurs waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer of genoteer mag word, en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes soos deur enige ander toepaslike gesagsowerheid opgelê mag word met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is, met dien verstande dat:

- die magtiging slegs geldig sal wees tot en met die datum van die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 (vyftien) maande vanaf die datum van hierdie spesiale besluit, watter tydperk ook al die kortste is;
- gewone aandele wat ooreenkomstig (a) hierbo gekoop word, slegs deur die bestelboek van die JSE-verhandelingstelsel en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty gekoop mag word;
- die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) hierbo aandele in die Maatskappy te koop in enige een (1) finansiële jaar beperk word tot 'n maksimum van 2,5% (twee en 'n half persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum waarop die magtiging verleen is;

- aankope ooreenkomstig (a) hierbo nie teen 'n prys van meer as 10% (tien persent) hoër as die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die aandele vir die 5 (vyf) sakedae wat die datum van die aankope onmiddellik voorafgaan, mag geskied nie;
- die Maatskappy op enige tydstip slegs een (1) agent mag aanstel om enige aankope namens die Maatskappy of enige van sy filiale te doen;
- die Direksie van die Maatskappy besluit het om (i) die koop van aandele in die Maatskappy te magtig, (ii) dat die Maatskappy en elke tersaaklike filiaal die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in die Maatskappywet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, daar geen wesentlike verandering in die finansiële posisie van die Maatskappy of enige tersaaklike filiaal was nie;
- die Maatskappy en sy filiale nie gedurende 'n verbode tydperk, soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, aandele mag koop nie, tensy 'n terugkoopprogram waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel mag word, vasgestel is (nie ondergewig aan verandering is nie) en voor die aanvang van die verbode tydperk skriftelik aan die JSE voorgelê is. Die Maatskappy moet voor die aanvang van die verbode tydperk 'n onafhanklike derde party, wat sy beleggingsbesluite met betrekking tot die Maatskappy se aandele onafhanklik van en onbeïnvloed deur die Maatskappy, neem, opdrag gee om die terugkoopprogram wat aan die JSE voorgelê is, uit te voer;
- 'n aankondiging wat aan paragraaf 11.27 van die JSE-noteringsvereistes voldoen deur die Maatskappy gedoen word (i) wanneer die Maatskappy en/of sy filiale gesamentlik 3% (drie persent) van die aanvanklike aantal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, gekoop het, en (ii) daarna vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike aantal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, deur die Maatskappy en/of sy filiale verkry is; en

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

- besonderhede van aandele wat gedurende die verslagtydperk gekoop is, in die Jaarlikse Finansiële State geopenbaar sal word ingevolge paragraaf 8.63(o) van die JSE-noteringsvereistes.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 2 is om algemene magtiging te verleen om die Maatskappy, of enige van die Maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die Maatskappy uitgereik is, insluitende die daaropvolgende aankoop deur of oordrag aan die Maatskappy van sodanige aandele wat deur enige filiaal gehou word.

Verklaring deur die Direksie

Die Direksie sal slegs die koop van die Maatskappy se aandele magtig en implementeer indien heersende toestande dit regverdig.

Ná oorweging van die uitwerking van die maksimum aantal aankope het die Direksie redelikerwys tot die gevolgtrekking gekom dat met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is:

- die Maatskappy ná 'n verkryging steeds aan die JSE-noteringsvereistes met betrekking tot aandeelhouersverspreidingsvereistes sal voldoen;
- die Maatskappy en sy filiale hul skuld soos dit in die gewone verloop van sake betaalbaar word, vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van kennisgewing van die Maatskappy se AJV sal kan betaal;
- die bates van die Maatskappy en sy filiale die verpligtinge van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV sal oorskry;
- die uitgereikte aandelekapitaal en reserwes van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV voldoende sal wees vir die sakedoeleindes van die Maatskappy en sy filiale;

- die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV voldoende bedryfskapitaal vir gewone sakedoeleindes sal hê.

Openbaarmakings ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE-noteringsvereistes

Die volgende openbaarmakings word ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE-noteringsvereistes vereis ten opsigte van aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is en wat in Sanlam se jaarlikse verslagdoening verskyn. Laasgenoemde word aanlyn by www.sanlam.com verskaf vir die doeleindes van spesiale besluit nommer 2:

- Belangrike aandeelhouers (bladsy 176 van die Jaarlikse Geïntegreerde Verslag) en die Maatskappy se aandeelkapitaal (bladsy 104 van die Jaarlikse Finansiële State)
- Wesentlike veranderinge (bladsy 122 van die Jaarlikse Finansiële State)

Direkteure se verantwoordelikhedsverklaring

Die Direksie, wie se name op bladsy 24 tot 30 van die Korporatiewe Bestuursverslag verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting met betrekking tot spesiale besluit nommer 2, en verklaar dat:

- daar na hul beste wete en oortuiging geen ander feite is waarvan die weglating enige verklaring vals of misleidend sal maak nie;
- hulle alle redelike navrae in dié verband gedoen het; en
- spesiale besluit nommer 2 al die nodige inligting bevat.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

C. Spesiale besluit nommer 3 – Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge Artikel 44 van die Maatskappywet

Besluit dat:

As algemene goedkeuring kan die Direksie van die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die twee (2) jaar ná die aanneem hiervan die Maatskappy ingevolge van en onderhewig aan die bepalings van Artikel 44 van die Maatskappywet magtig om by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit finansiële bystand te verleen aan enige party, behalwe 'n direkteur of voorgeskrewe amptenaar van die Maatskappy of sy filiale, vir die doel van of in verband met die inskrywing op of koop van enige aandele wat deur 'n filiaal van die Maatskappy uitgereik is of gaan word, op sodanige bepalings en voorwaardes soos die Direksie mag bepaal.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 3 is soos volg:

- As 'n noodsaaklike deel van die bedryf van die Sanlam Groep se besigheid moet die Maatskappy van tyd tot tyd finansiële bystand aan partye verleen by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit ten opsigte van aandele wat deur 'n filiaal van die Maatskappy uitgereik is of gaan word.
- Ingevolge die Maatskappywet moet maatskappye die goedkeuring van hul aandeelhouers by wyse van 'n spesiale besluit verkry, ten einde finansiële bystand te verleen aan enige party bedoel in Artikel 44(2) van die Maatskappywet. Die Maatskappy verlang dus algemene goedkeuring vir die Direksie van die Maatskappy om die verlening van finansiële bystand deur die Maatskappy by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit ten opsigte van aandele wat te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee (2) jaar vanaf die datum van hierdie spesiale besluit nommer 3 deur 'n filiaal van die Maatskappy uitgereik is of uitgereik gaan word.

D. Spesiale besluit nommer 4 – Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge Artikel 45 van die Maatskappywet

Besluit dat:

As algemene goedkeuring kan die Direksie van die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die twee (2) jaar ná die aanneem hiervan die Maatskappy ingevolge van en onderhewig aan die bepalings van Artikel 45 van die Maatskappywet magtig om enige soort direkte of indirekte finansiële bystand soos omskryf in Artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan filiale van die Maatskappy, op sodanige bepalings en voorwaardes en vir sodanige bedrae soos die Direksie mag bepaal.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 4 is soos volg:

As 'n noodsaaklike deel van die bedryf van die Sanlam Groep se besigheid moet die Maatskappy van tyd tot tyd as deel van sy daaglikse bedrywigheede finansiële bystand in die vorm van leningsfinansiering, waarborge of algemene finansiële bystand soos bedoel in Artikel 45 van die Maatskappywet aan filiale van die Maatskappy verleen.

Ingevolge die Maatskappywet moet maatskappye die goedkeuring van hul aandeelhouders by wyse van 'n spesiale besluit verkry ten einde finansiële bystand aan enige verwante of onderling verbonde maatskappye te verleen en die Maatskappy verlang algemene goedkeuring vir die Direksie van die Maatskappy om die verlening van alle soorte finansiële bystand deur die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee (2) jaar vanaf die datum van hierdie spesiale besluit nommer 4 aan enige sodanige verwante of onderling verbonde maatskappy soos bedoel in Artikel 45(2) van die Maatskappywet, te magtig.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

Die Lewenskragtigheidsverslag

Die Lewenskragtigheidsverslag is beskikbaar op die Maatskappy se webwerf (www.sanlam.com) beskikbaar is. Dit word ingevolge Regulasie 43(5)(c) van die Maatskappywet ter tafel gelê.

Algemene aantekeninge

1. Die verslagdatum vir die verspreiding van die kennisgewing van die vergadering is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 19 Maart 2021.
2. Die registrasiedatum om die vergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem, is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 28 Mei 2021. Die laaste dag vir verhandeling van die Maatskappy se aandele op die JSE om op die registrasiedatum in die aandeleregister aangeteken te wees, is dus Dinsdag 25 Mei 2021.
3. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om die vergadering by te woon, daaraan deel te neem, te praat en te stem, mag 'n gevolmagtigde aanstel om dit namens hom of haar te doen.
4. Die stemme van aandele wat deur die Sanlam Aandele-aansparingstrust en die Maatskappy se filiale gehou word, sal nie by die vergadering in aanmerking geneem word vir die goedkeuring van enige besluite voorgestel ingevolge die JSE-noteringsvereistes nie.
5. Sanlam-aandeelhouers wat aandelesertifikate vir hul gewone Sanlam-aandele hou of wat hul gewone Sanlam-aandele gedematerialiseer en in hul eie naam laat registreer het (insluitende gewone Sanlam-aandele wat deur die reëling met Sanlam Share Account Nominee (Edms.) Bpk of Sanlam Fundshare Nominee (Edms.) Bpk gehou word maar wat nie die vergadering kan bywoon nie en verlang om daar verteenwoordig te word, moet die ingeslote volmagvorm volgens die instruksies daarin vervat, invul en terugstuur aan die oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms.) Bpk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196 (Privaatsak X9000, Saxonwold 2132). Vir administratiewe doeleindes word versoek dat die volmagvorm nie later nie as 14:00 op Dinsdag 8 Junie 2021 ontvang word. Dit kan ook voor die aanvang van die vergadering op Woensdag 9 Junie 2021 aan die Voorsitter van die vergadering oorhandig word.

6. Aandehouers van gewone Sanlam-aandele wat hul gedematerialiseerde gewone Sanlam-aandele deur 'n sentrale effektebewaarplek (SEB), bank of benoemde makelaarhou (Sanlam gedematerialiseerde aandehouers) moet hul SEB, bank of benoemde makelaar van hul stemopdragte voorsien ooreenkomstig die reëling tussen hulle en hul SEB, bank of benoemde makelaar. Indien Sanlam gedematerialiseerde aandehouers hul stemme persoonlik by die vergadering wil uitbring, moet hulle met hul SEB, bank of benoemde makelaar in verbinding tree om hulle van die nodige verteenwoordigingsbrief te voorsien. Sanlam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige versuim deur die SEB, bank of benoemde makelaar in hierdie verband nie
7. 'n Persoon wat 'n korporasie/maatskappy verteenwoordig, word nie geag 'n gevolmagtigde te wees nie aangesien sodanige korporasie/maatskappy slegs 'n vergadering kan bywoon deur 'n persoon wat by wyse van 'n besluit behoorlik daartoe gemagtig is om as verteenwoordiger op te tree. 'n Notarieel gesertifiseerde afskrif van sodanige volmag of ander dokumentêre bewys wat die gesag aandui van die persoon wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by die volmagvorm aangeheg word. Sodanige persoon het dieselfde regte by die vergadering as die korporasie/maatskappy wat die aandele besit.
8. 'n Aandehouer wie se aandele deur die reëling met Sanlam Share Account Nominee (Edms.) Bpk of Sanlam Fundshare Nominee (Edms.) Bpk gehou word, het die reg om aan die vergadering deel te neem en daar te stem.
9. By 'n stemming deur die opsteek van hande sal elke aandehouer persoonlik teenwoordig of elke gevolgmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger wat aandehouers verteenwoordig, slegs een stem hê, ongeag die aantal aandehouers of aandele wat hy of sy verteenwoordig of besit.
10. As stembriewe gebruik word, sal elke aandehouer persoonlik teenwoordig of elke gevolgmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger slegs een stem hê vir elke Sanlam-aandeel wat daardie aandehouer besit.

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vervolg

11. 'n Besluit wat tot stemming gebring word, sal deur die opsteek van hande beslis word, tensy daar voor of by die aankondiging van die uitslag van die opsteek van hande op 'n stemming per stembrief aangedring word deur enige persoon wat die reg het om by die vergadering te stem. As op so 'n stemming per stembrief aangedring word, moet die besluit wat tot stemming gebring word per stembrief beslis word.
12. Die Maatskappy se Akte van Oprigting maak voorsiening vir 'n elektroniese stemproses, vir welke doel elektroniese handtoestelle gebruik sal word.
13. Elektroniese deelname: Aandeelhouers moet asseblief kennis neem dat hulle, of hul gevolmagtigdes, deur middel van elektroniese kommunikasie aan die vergadering sal kan deelneem, maar nie tydens die vergadering sal kan stem nie. Indien sodanige aandeelhouers verlang dat hul stemme by die vergadering getel word, moet hulle optree volgens die algemene instruksies vervat in hierdie kennisgewing. Telefoonlyne sal vir dié doel beskikbaar gestel word. Aandeelhouers wat graag deur middel van elektroniese kommunikasie wil deelneem, moet sodanige versoek nie later nie as 12:00 op Vrydag 4 Junie 2021 skriftelik by die Maatskappysekretaris (sana-ullah.bray@sanlam.co.za) indien. Die koste van die aandeelhouer se telefoonoproep sal vir sy of haar eie rekening wees. Die aandeelhouer bevestig dat die telekommunikasielyne deur 'n derde party verskaf word en vrywaar die Maatskappy teen enige eis wat op enige wyse mag voortspruit uit die gebruik of besit van die telekommunikasielyne. Aandeelhouers word vriendelik versoek om vanaf 13:50 op die dag van die vergadering in te bel. Alle aandeelhouers wat graag telefonies aan die vergadering wil deelneem, moet +27 21 916 3770 PIN 5500# skakel.

In opdrag van die Direksie



Sana-Ullah Bray

Maatskappysekretaris

Bellville

Maart 2021

Aandeehouersdagboek

Einde van finansiële jaar	31 Desember
Algemene Jaarvergadering	9 Junie 2021

Verslae

Tussentydse verslag vir 30 Junie 2021	9 September 2021
Aankondiging van die resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2021	10 Maart 2022
Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2021	31 Maart 2022

Dividende

Dividend verklaar vir 2020	11 Maart 2021
Laaste verhandelingsdatum vir 2020-dividend	6 April 2021
Aandele verhandel sonder dividend vanaf	7 April 2021
Registrasiedatum vir 2020-dividend	9 April 2021
Betaling van 2020-dividend	12 April 2021
Verklaring van dividend vir 2021	10 Maart 2022
Betaling van dividend vir 2021	April 2022

Ten einde vir die dividendberekening voorsiening te maak, sal Sanlam se aandeleregister (insluitende Sanlam se twee genomineerde maatskappye, naamlik Sanlam Share Account Nominee (Edms.) Bpk en Sanlam Fundshare Nominee (Edms.) Bpk tussen Woensdag 7 April 2021 en Vrydag 9 April 2021, albei datums ingesluit, vir alle oordragte, buitemarktransaksies en dematerialisering of hermaterialisering gesluit wees.

Transaksies op die JSE wat deur Strate gedoen word, word nie deur hierdie reëling geraak nie.

100

Administrasie

Geregistreeerde naam

Sanlam Beperk

(Registrasienuommer 1959/001562/06)

(Belastingverwysingsnommer 536/346/84/5)

JSE-aandelekode (primêre notering): SLM

NSX-aandelekode: SLA

A2X-aandelekode: SLM ISIN: ZAE000070660

Geïnkorporeer in Suid-Afrika

Maatskappysekretaris

Sana-Ullah Bray

Uitvoerende Hoof: Beleggersverhoudinge

Grant Davids

Geregistreeerde Kantoor

Strandweg 2, Bellville 7530, Suid-Afrika

Telefoon +27 (0) 21 947 9111

Faks +27 (0) 21 947 3670

Posadres

Posbus 1, Sanlamhof 7532

JSE-borg

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk

Internetadres

<http://www.sanlam.co.za>

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services (Edms.) Bpk

(Registrasienuommer 2004/003647/07)

Rosebank Towers

Biermannlaan 15, Rosebank 2196, Suid-Afrika

Privaatsak X9000, Saxonwold 2132, Suid-Afrika

Telefoon +27 (0) 11 370 5000

Faks +27 (0) 11 688 5200

sanlamholders@computershare.co.za

Direkteure

Andrew Birrell, Anton Botha, Paul Hanratty (Groep Uitvoerende

Hoof), Nicolaas Kruger, Elias Masilela (Voorsitter),

Jeanett Modise, Mathukana Mokoka, Kobus Möller,

Dr. Patrice Motsepe (Ondervoorsitter), Abigail Mukhuba,

Sipho Nkosi, Karabo Nondumo, Dr. Rejoice Simelane,

Dr. Johan van Zyl, Heinie Werth, Prof. Shirley Zinn

...ons is **sanlam.com**

